CARNEGIE-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
18 AUG 1983
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIV Nr. 9 — DONDERDAG 18 AUGUSTUS 1983

## Women's struggle continues in SA

ON 9 August National Women's Day services were held on campuses countrywide with the theme that women's liberation could not be isolated from the broader political struggle.

### Protest

Every year on this day, services are held to commemorate the protest action of women in the nineteen fifties against the extension of the pass law system to women. On 9 August 1956 this action culminated in a march on the Union buildings in Pretoria by 20 000 women.

According to the UCT student newspaper, *Varsity*, the liberation of women and their participation in politics will lend a new dimension to the South African political scene.

### Helen Joseph

Speakers like Ms Helen Joseph received a standing ovation. She was a member of the Congress of Democrats which was part of the historic Congress Alliance. Ms Joseph is one of the founders of the Federation of South African Women (FSAW). It was under the banner of this organisation that women marched on the Union Buildings 28 years ago.

Unbanned earlier this year, she had been either banned or under house-arrest for almost two decades. Still a listed person, Ms Joseph urged students to form women's organizations and to join national democratic movements.

### Mandela

Another speaker at the service, Ms Zinzi Mandela, who also may not be quoted, directly, said a bloody revolution could be expected if whites did not participate in the process of change. She warned that extreme white nationalism would give rise to extreme black nationalism.

### Contraception

Off campus, programmes arranged by the UWO will include seminars on childbirth, contraception and health. A service held at St. Mark's Hall in Athlone emphasized women's liberation and their inclusion in political action.

## 12 SETELS ONBESTREDE MAAR...

# Leierstelsel bly eers onveranderd

STELLENBOSSE studente is weer direkte stemreg in minstens die 1983 SR-verkiesing ontsê deur die SP. Terselfdertyd het twaalf onbestrede setels in die afgelope SP-verkiesing die lig laat val op groeiende apatie onder die Studente-unie teenoor die SR en SP.

**Die SP-besluit volg op 'n ondersoek wat die Grondwet- en Reglementekomitee in opdrag van die Studenteparlement (SP) onderneem het. Mnr. Niekie Lamprecht, die ondervoorsitter van die SP, was die voorsitter van die komitee. Die moontlikheid van die verkiesing van die SR deur die Studente-Unie (SU) is ondersoek. Die ondersoek is geloods weens probleme en besware wat ontstaan het rondom die funksionering van die SP en die groeiende apatie van studente teenoor die SP en SR as verteenwoordigende liggame. Die moontlikheid om die huidige stelsel af te skaf is nie oorweeg nie.**

In vanjaar se SP-verkiesing (wat na die ondersoek en besluit plaasgevind het) is die SP-lede van Eendrag, Dagbreek, Nerina, Helshoogte, Huis Visser, Serruria, Helderberg, Harmonie, Minerva, Sonop, Huis Neethling en Irene onbestrede verkies. Verlede jaar is SP-lede in agt setels onbestrede verkies. Hierdie syfers het wyd vrae laat ontstaan oor die redes vir die Studente-unie se min belangstelling in die huidige leierstelsel.

### Probleme

Die SP-komitee het in hul ondersoek 1 400 vraelyste uitgestuur. Uit die vraelyste het dit geblyk dat daar inderdaad probleme bestaan wat die werking en aanvaarding van die huidige stelsel belemmer. Van die redes wat lede van die SU aanvoer, is:

- *dat lede van die SU onbetrokke is by die verkiesing van die SR.*
- *dat SP-lede dikwels nie hul kiesafdelings raadpleeg in verband met mosies nie.*
- *dat SP-lede geaffekteer word deur 'n groepsbewussyn tydens SP-vergaderings en nie oorwoë besluite neem neem nie.*
- *dat eiebelang en aansien te belangrik is vir die lede van die SP en SR.*
- *dat dit nie moontlik is om 'n minderheidsiening verteenwoordig te kry op die SP en SR nie.*

Die ander komitee-lede was mnre. Charl Faurie, Braam van der Merwe en mee. Helen Lourens, Karin Strydom en Anneke Oosthuysen.

### Alternatiewe

Die komitee het alternatiewe vir die verkiesing van die SR deur die SU, met behoud van die huidige stelsel, ondersoek.

Die alternatiewe is:

**SR-kandidate word uit die SP benoem en deur die SU verkies.**

Die probleme wat hierdie stelsel veroorsaak is dat die SP sy mandaat verloor uit hoofde waarvan dit opdragte aan die SR kan gee of kontrole kan uitoefen oor die SR.

**Die SR word deur die SP benoem en deur die SU verkies, maar die SU verloor verdere kontrole oor die SR.**

Die kontrole-funksie bly in die hande van die SP. Die

(vervolg op bl. 14)

## SP-uitslae

**Aristea:** Heleen Lourens, Esmarie van der Merwe, Hanlie Jansen van Rensburg; **Aurora:** Daniel Venter, Werner Obermeyer, Hendrik Niewoudt; **Dagbreek:** Tielman Roos, Ivan Coetzee, Emile Brincker; **Eendrag:** Helmut Pool, Nico Wilkens; **Erica:** Suzanne Human; **Harmonie:** Anneke Oosthuizen; **Heemstede:** Norene Engelbrecht; **Helderberg:** J.H. Hattingh; **Helshoogte:** Johan Schoonraad, Phillip Verster; **Hippokrates:** Johan Claasen; **Hombré:** Johan Punt; **Huis de Villiers:** Karen Strydom; **Huis Francie van Zyl:** Mariatha Coetzer; **Huis Marais:** Barry de Wet; **Huis Neethling:** Elize Pienaar; **Huis ten Bosch:** Jeanine Louw; **Huis Visser:** Barnard Beukman; **Irene:** Anna-Rita Cilliers; **Libertas:** Nic Myburgh, Carel Wolhuter, Derek de Villiers; **Lydia:** Lisbe van Eeden; **Majuba:** Cameron Kotze; **Militêre Akademie:** Maj. Bowie; **Minerva:** Karen Spies; **Monica:** Estelle de Leo; **Nemesia:** Margot Shaw; **Nerina:** Marieke van der Walt; **Oude Molen:** Frank Raymond, Francois Sieberhagen, G. de Vos; **Pieke:** Martin Versveld, Gert Barnard, Stephan Grundlingh; **PSO Tygerberg:** John Schneeberger; **Serruria:** Karen Fulten; **Wilgenhof:** Le Roux van der Westhuizen.



INTERVARSITY '83 was nat en kleurvol. Sien berigte en foto's binne.
Foto: Bun Booyens

# Twee Maties raakgery net na Intervarsity

TWEE Maties, Jacques Heydenrych en Karen Lombard, is nog steeds in 'n kritieke toestand in die waaksaal van Groote Schuur-hospitaal nadat hulle op 6 Augustus, net na Intervarsity, in Merrimanlaan raakgery is.

So ver as wat vasgestel kan word, het beide mnr. Heydenrych en me. Lombard bloeding op die brein en veelvuldige beenbeserings opgedoen in die ongeluk wat ongeveer 18h40 plaasgevind het. Fanie Kruger van Huis Visser, een van die eerste persone op die ongelukstoneel, sê dat hy buite sy koshuis gestaan het toe hy 'n harde slag gehoor het. Hy het in die rigting van die geluid gehardloop om ondersoek te gaan instel. 'n Damestudent het daar vir hom vertel dat twee mense, voor wie sy oomblikke tevore gestap het, raakgery is. Mnr. Kruger het toe die polisie en ambulans ontbied.

### Ooggetuie

'n Damestudent, die enigste bekende ooggetuie, word tans deur die polisie ondervra en volgens gerugte klop haar getuienis nie met dié van die bestuurder van die motor nie. Volgens 'n polisiewoordvoerder ondersoek die polisie 'n aanklag van nalatige en roekelose bestuur teen die student wat die motor bestuur het. Die polisie wou egter nie verder uitbrei omtrent die omstandighede van die ongeluk nie.

### Helshoogte

Jacques Heydenrych is 'n ingenieurswesestudent in sy derde jaar en bly in Helshoogte. Karen Lombard, van Minerva, is 'n BA-student in haar derde jaar.



THE Rocky Horror Picture Show was a memorable experience for many cinema goers especially for those who cast away their inhibitions for one night and dressed up for the occasion.

# Horrific attire astounds cinema goers

STELLENBOSCH shivered with anticip . . . . ation, and continues to do so in varying degrees. Despite the fact that the Rocky Horror Picture Show is about 6 years overdue — its appearance as a victim of "censor board-surgery", met with contrasting reaction. It was attended by fanatics, dressed in appropriately "kinky" fashion, and those who wouldn't have gone had they known what they were letting themselves in for.

Some Maties stormed out of the cinema shortly after Brad and Janet had been robbed of everything "bare" their underwear (the latter garments looking like something from Janet Reger's lingerie boutique).

But on the other hand, there were those who remained spellbound by the antics of characters such as Riff Raff and Dr Frank N. Furter.

Through the years, a type of Rocky Horror tradition has been developed by those watching the movie. The Stellenbosch audience threw popcorn (instead of the traditional rice) at the wedding. They also covered their heads with newspapers when it started 'raining' and sang along with their screen heroes.

## LEES BINNE


- bl. 10 — Onderhoud met dr. Danie Craven.
- bl. 7 — Intervarsity-foto's.
- bl. 11 — 19 Akademici maak verklaring oor ontwerpgrondwet.
- bl. 13 — 'n Kyk na die SP in die praktyk.
- bl. 19 — Groot Saueroorwinning vir Eendrag.
- bl. 5 — Helshoogte hou reünie na tien jaar.
- bl. 14 — UWK steun skoolboikotte.

## FILM SOCIETY

# Variety of unique films shown here

THE University's film society offers members the chance to see films that are usually not available on the commercial circuit — such as film classics and foreign films.

Meetings are held at 19h00 on Monday nights, in room 230 of the B.J. Vorster Building. Notes are provided on the films being shown, informing viewers about shows or directors wich may be unfamiliar to them.

The committee (of public and student members) tries to vary their programme as much as possible, but as it is not subsidised and thus relies on membership fees for its funds, it has to choose films from the limited sources available.

The membership fees are R10 for the public and R6 for student members. This annual subscription is halved for those people wanting to join for the second semester only. The constitution of The Federation of South African Film Societies of which the Stellenbosch club is a member, however, states that one must be a member of the society to attend any of its screenings. One can not pay to see only a single film. Moviegoers interested in membership can join by contacting the society's secretary, Marika Flockemann, at meetings or at the English Department in the B.J. Vorster Building.

**Spotlight on........**

The prospective programme for the second semester is as follows. This is, however, not finalized and some additions are to be included.

22/8
**THEOREM** (Italy, 1969) Pasolini, director, with Terence Stamp and Silvane Mangano.

29/8
**SEANCE ON A WET AFTERNOON** (Great Britain 1966) Bryan Forbes, director, with Richard Attenborough, Nanette Newman, etc. (116 min) Cape Town Film Society.

19/9
**DUEL**
Stephen Spielberg, director.

VACATION

3/10
**GRETE MINDE** (Germany 1976) Heidi Genee, director, based on a novel by Fontane (102 min) Germany Embassy.

17/10
**FLOATING WEEDS**
Ozu, director (More information supplied later) Cape Town Film Society.

31/10
**THE STRONG FERDINAND** (Germany, 1976) Alexander Kluge, director. (97 min) German Embassy.



DIE SR-lede van die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad het Saterdag voor Intervarsity 'n informele ete bygewoon. V.l.n.r. staan Anton Richman (voorsitter U.K.), Braam Hanekom, Peta-Ann Teague en Deon Rossouw (voorsitter U.S.)



MNR. SOLOMON MONYAKU aan die werk by die Christelike Lektuursentrum se Sendingweek-stalletjie. Hy is 'n self-opgeleide Tswana-skilder.

## GROOT BELANGSTELLING

# Tswana-skilder se uitstalling tref

MNR. Solomon Monyaku, 'n self-opgeleide Tswana-skilder, was 'n groot aantrekkingskrag by die Christelike Lektuursentrum se stalletjie in die Gat. Hy het die pas afgelope Sendingweek-uitstalling saam met mnr. Van Heerden van die Christelike Lektuursentrum besoek.

*Die Matie* het mnr. Monyaku oor homself uitgevra.

Hy is in Bophuthatswana gebore en kon, volgens hom, al teken voordat hy 'n pen kon vashou. Hy was vir 'n tyd lank werkloos en het dan lang rukke in die veld gebly om te bid. Op dié manier het hy die boswêreld besonder goed leer ken.

### Waterverf

Mnr. Monyaku het later werk by 'n hotel op Despatch gekry. Gedurende etenstye het hy met waterverf op kartonplank skilderye gemaak, totdat iemand op 'n dag sy talent raakgesien het. Mnr. Monyaku het hom om olieverf gevra. Aanvanklik het dit nie te goed gegaan met die olieverfwerk nie.

Nadat Mnr. Monyaku die hotel verlaat het, het hy by die Christelike Lektuursentrum gaan werk.

Deesdae skilder mnr. Monyaku byna voltyds. Hy skilder hoofsaaklik veldtonele uit sy kop, want volgens hom kan hy nie te goed "van sig af" skilder nie. Hy is ook taamlik bedrewe met beeldhouwerk en linosneë.

### Uitstallings

Mnr. Monyaku se eerste uitstalling was by Hammanskraal en die tweede is die een op Stellenbosch. Hy het sy dank uitgespreek teenoor mnr. van Heerden vir al sy hulp, en die Goeie Gewer vir die talent wat hy ontvang het.

# Sendingweek stal interessant uit

DIE jaarlikse Sendingweek-uitstalling in die Gat was weer 'n groot sukses. Handwerk soos geweefde matte en pottebakkery wat in die sendingveld gemaak is, is uitgestal. By die gewilde stalletjie van die Christelike Lektuursentrum is ook boeke, pamflette, plakkate en skilderye te koop aangebied.

Die gesellige koffiekroeg onder Jakes Barnard se vriendelike toesig was 'n groot treffer. Verskeie persone het die hoop uitgespreek dat 'n permanente koffiekroeg op dieselfde basis in die Neelsie aangebied sal word.


**kies reg. kies ons.**

DIE DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE HET VER GEVORDER SEDERT DIE DAE TOE POS MET 'N KOETS VERVOER EN DIE EERSTE TELEFOON DEUR ALEXANDER GRAHAM BELL ONTWIKKEL IS. VANDAG TEL ONS ONDER DIE LEIERS EN DERHALWE KAN ONS GEGRADUEERDES PRIKKELENDE EN BEVREDIGENDE LOOPBANE BIED.

**INGENIEUR**
B.Sc. (Ing.) (Elektries/Elektronies/Meganies)

**ELEKTRONIESE-DATA-PROGRAMMEERDER OF STELSELONTLEDER**
B.Sc. (Rekenaarwetenskap of Wiskunde of Wiskundige Statistiek) of B.Com. (met Rekenaarwetenskap as een van die hoofvakke)

**ARGITEK**
B.Arch.-graad

**INTERNE OUDITEUR**
B.Com. (Ekonomiese Wetenskappe) met minstens Rekeningkunde II en Rekenaarwetenskap I en/of Ouditkunde I

**STATISTIKUS/OPERASIONELE NAVORSER**
Baccalaureusgraad met Wiskundige Statistiek of Statistiek as hoofvak

**PERSONEELKLERK**
Baccalaureusgraad met een of meer van die volgende as hoofvak(ke): Afrikaans, Engels, Sielkunde, Bedryfsielkunde, Sosiologie, Kommunikasiekunde, Publieke Administrasie, Staatsleer, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Wysbegeerte

**PSIGOMETRIS**
Honneursgraad in Sielkunde

**VERTALER**
Minstens 'n BA-graad met een van die amptelike tale as hoofvak en 'n slaagpunt in die aanlegtoets van die Departement

**BEMARKING**
B.Com.-graad met Bemarking of Bedryfsekonomie (waarby Bemarking ingesluit is) as hoofvak

**WERKSTUDIEBEAMPTE**
Baccalaureusgraad met een of meer van die volgende as hoofvakke: Bedryfsekonomie, Ekonomie, Bedryfsielkunde, Publieke Administrasie

● **DIENSVOORDELE**
Jaarlikse diensbonus ('n maand se salaris) · Ruim behuisingsubsidie en 100-%-leningskema · Vakansie- en spesiale studieverlof · Uitstekende mediese hulpfonds · Regeringsdienspensioenfonds · Sosiale klubs waar kultuurbedrywighede hul regmatige plek kry · Personeelverenigings wat na hul lede se belange omsien · Restourantfasiliteite in groot sentrums

Dit laat mens twee keer dink, né?

**23 Augustus 1983**

**vanaf 10hoo tot 16hoo**



ONTHOU OM TE ONTHOU . . .
OP...23 - 08 - 1983.....BESOEK ONS VERTEENWOORDIGERS JULLE KAMPUS ...VANAF 10hoo TOT...16hoo......KOM GESELS GERUS OOR JOU TOEKOMSPLANNE

PT


# Gaskunstenaars vir Sangfees '83 gereël

SANGFEES vind van 24 tot 26 Augustus in die Stadsaal plaas en word vanjaar opgedra aan dr. B.J. Vorster.

### Revue-geselslap

Die gaskunstenaars wat by Sangfees '83 optree is Stellenbossers, naamlik die koor van Hoërskool Stellenbosch, 'n groepie van ongeveer twaalf sangers uit Helshoogte, en die Stellenbosse studentekoor en die U.S. Revue-geselskap, "De Kompanjie", met André Schwartz as gassanger.

### Besprekings

Plekbesprekings kan by Saambou Nasionaal gemaak word. Kaartjies vir volwassenes kos R2,50 en vir studente R2,00.

## Sosiale Kalender

STALDER QUINTET — 'n Switserse blaaskwintet tree 19 Augustus om 20h15 in die Endlersaal op. Besprekings Computicket.

Die **Kaapstade Simfonieorkes** tree Sondaemiddae om 16h00 in die **Kaapstadse Stadsaal** op. Meer inligting beskikbaar by Computicket, of skakel 21-4715.

**Hard Ride** tree Donderdae, Vrydae en Saterdae in die **Oak Bar**, De Akker, vanaf 20h30 op. Toegang R2 per persoon. Wyn- en bierlisensie.

Die **Tolliesdiskoteek** is Woendae, Vrydae en Saterdae gratis beskikbaar, met 'n wye reeks musiek. Platejoggie tans — Des de Goede.

**Touché** tree steeds elke Woensdag- tot Saterdagaand in die **Ou Saal** op. Hoef 'n mens meer te sê?

**Pirates of Penzance** word vanaf 24 Augustus tot 3 September in die **Baxterteater**, Kaapstad, op die planke gebring. Toegang: Vrydag en Saterdae vir R7, R6 en R5, en 50c goedkoper op weeksaande. Die spel begin om 20h00.

**Cine 1 en 2, Stellenbosch.** 'n Lys van vertonings is beskikbaar by die besprekingskantoor. Die grootste treffer op die huidige lys is Pink Floyd — The Wall, wat op 29 Augustus arriveer. Gooi weg julle "caftans" en "clogs", en kom kyk waar om dit gaan.

# Seksnorme van ons tyd bespreek


WATTER seksnorme geld in ons tyd? Hierdie vraag het mev. Kritzinger, verbonde aan die Departement Sosiologie, gestel rondom die kwessie "Seksuele konflik en spanning" wat aangebied is deur die Damesbelange-komitee as deel van Vroueweek.

Primêr is daar twee kodes wat geld, naamklik die skuldmoraal en die plesiermoraal ("pleasure principle"). Hierdie kodes staan teenoor mekaar en dit is veral die vrou wat blootgestel is aan die verwarrende dualisme van die kodes.

### Victoriaans

Vandag se skuldmoraal het sy ontstaan in die Victoriaanse era gehad. Afkoms was nie meer 'n bepalende faktor vir status nie — finansiële sukses wel, en die vrou was daarvan uitgesluit. As teenprestasie van die vrou is die kwessie van maagdelikheid ingebring. Seksuele taboes was baie omvattend en is veral in kleredrag (bedekte hals en enkels) gemanifesteer. Seks is gesien as besoedeling van gedagtes.

Twee groepe vroue het ontstaan, naamlik die goeies en die seksueles. Eersgenoemde het seks gesien as 'n verpligting en nie 'n genot nie. Die man het sy vrou as fisies broos en geestelik sensitief beskou met die gevolg dat hy hom uit frustrasie gewend het na die "seksuele" vrou.



Twee duidelike kenmerke van die skuldmoraal is dus die dubbele standaarde en ook die siening van die vrou as die man se besitting.

### Plesier

Die plesiermoraal sien geen regverdiging van die koppeling tussen seks en die huwelik. Seks is nie abnormaal nie en benodig geen spesiale moraal nie. Dit is nie reg of verkeerd nie en word gesien as deel van gesonde persoonsontwikkeling. Seks is dus los gemaak uit die huwelikskonteks.

Verskeie faktore het hiertoe aanleiding gegee o.a. die ontwikkeling van die mediese wetenskap, emansipasie van die vrou en die aard en struktuur van die samelewing self. Voorheen was die ingesteldheid op produksie, deesdae op konsumpsie — kommoditeite moet gebruik word.

### Veranderinge


Dit is duidelik tot daar groot veranderinge ingetree het, maar die vrou se motiewe en besorghede bly nog steeds anders as mans s'n. Die verskille tussen die geslagte, glo mev. Kritzinger, is te wyte aan sosialisering.

### Mensbeskouing

Die huidige probleem lê by die mensbeskouing, volgens dr. du Toit. Seks is volledig persoonlike oorgawe. Enige belemmering hiervan (soos 'n vrees van enige aard), selfs in die onderbewussyn skaad die werklike volheid van seks. Die milieu wat die beste sekuriteit skep, is die huwelik.

Soos dr. Gerber opgemerk het: "Love is ultimate, complete within itself while other qualities require the presence of love to attain a sense of value."

## VROUEWEEK '83



# Sewentig toer na Swaziland

ONGEVEER sewentig persone het van 23 Junie tot 9 Junie vanjaar aan 'n toer na Swaziland deelgeneem. Spanne wat evangelisasiewerk gedoen het is op verskeie plekke in Swaziland gestasioneer. Op Lamahasha was 'n bouspan wat 'n kerk gebou het. 'n Tentveldtog is in Manzini gebou en die spanne het saam met die plaaslike evangeliste gewerk.

Elke span het 'n tolk gehad wat Engels in Siswati getolk het. Met hierdie hulp het die spanlede in die oggende laer- en hoërskole besoek en saam met die skoliere Bybelstudie gedoen.

In die middae is straatwerk aangepak. Dit het gewoonlik naby die markte plaasgevind, waar persoonlike gesprekke met die Siswati's gevoer is.

# Journalists taught how to lead

THE senior editorial staff of *Die Matie* and *Die Stellenbosse Student* attended a leadership course for editors — the first of its kind — at the New Wine Route Hotel on Saturday 23 July.

The congress was part of the U.S. Student Leadership Development Project and took the form of discussions, lectures and tests. It was organised by the S.R.C. of the University of Stellenbosch working in cooperation with Nasionale Pers.

The aspiring journalists became better acquainted with their individual styles of leadership, learned how to orientate people, and how their ultimate goals could be attained with the least possible trouble.

Many of the participants were shocked when aspects of their personality previously unknown to them were disclosed after they had completed tests for this purpose.

The students were advised on improved communication and interpersonal relationships. They were then shown visual material on subjects such as improved perception and non-verbal communication.

According to Mr Arnold Smit, S.R.C. member for Student Leadership Development, the aim of the project is to develop the natural leadership skills of student leaders. He said these student leaders were identified in various groups, and accordingly sent on leadership courses adjusted to their needs. The congress thus stressed improved communications and relationships.

It culminated in a dinner given specially for the student journalists, where they were able to relax after a long day.

Mr Louis de Villiers, one of the editors said he felt the seminar was very necessary for young leaders to develop their skills.

# Karnaval vroeër volgende jaar

ADMINISTRASIE het besluit om Karnaval volgende jaar met 'n week te vervroeg. Hierdie besluit is geneem ná daar met die betrokke komitees gepraat is. Die nuwe reëling impliseer dat die Karnaval-optog die eerste Saterdag nadat die senior studente teruggekeer het, sal plaasvind.

Die Studenteraad het met die Primarii- en Karnavalkomitee oor die aangeleentheid gesels. Die twee komitees het aanbeveel dat Karnaval nie vervroeg moet word nie. Hulle meen dat dit nie prakties sou wees nie. Die voorstel is in beginsel aanvaar.

Mnr. Deon Rossouw, Studenteraadsvoorsitter sê dat daar wel probleme sal voorkom maar dat daar heelwat voordele aan die besluit verbonde is.

Die vervroeging van Karnaval sal 'n beter verspreiding van buitemuurse aktiwiteite in die eerste kwartaal tot gevolg hê. Dosente het nog altyd gekla dat studente moeg en vaak is voor en na Karnaval. Hulle gee nie genoeg aandag aan hul werk nie. Die hoeveelheid werk wat gedoen kan word, is ook te min.

Die nuwe reëling beteken dat registrasie van eerstejaarstudente oor die eerste naweek sal plaasvind tot ongeveer elf-uur die Saterdag. Senior studente sal die volgende Woensdag kan registreer. Die dag sal dan ook 'n klasvrye dag wees. Karnaval sal daardie naweek plaasvind. Studente kan dus reeds 'n week vroeër met ernstige studie begin.

Karnaval vind volgende jaar slegs op 'n proefondervindelike basis plaas. Administrasie stel dit ook duidelik dat hulle bereid is om aanpassings te maak. Indien nodig sal Karnaval weer verskuif word.

Die huidige voorsitter, mnr. Lorenzo Bossi was nie vir kommentaar beskikbaar nie.

*Die Matie* het 'n kort meningsopname onder studente gedoen. Sommige staan onverskillig terwyl ander beslis negatief is. Hulle wil graag 'n langer "vakansie" hê.



"Karnaval vroeër? Ou maat dan begin Tollies maar net 'n paar dae vroeër geld maak." Sommige studente was onverskillig oor die nuus dat Karnaval volgende jaar 'n week korter gaan wees.

## ASPU CONGRESS

# 'There is little hope for better relations'

"THERE is little chance of improved relations between the government and newspapers if the authorities' restriction and criticism is repeatedly described as part of the general encroachment on press freedom," said Mr Barend du Plessis, the Deputy Minister of Foreign Affairs and Information.

Mr du Plessis was speaking about "the ideal press as seen by the government" at the Afrikaans Students Press Union Congress. The congress was held at Pretoria University from 28 to 30 July 1983.

It is the right of the authorities and the public to provide the media with constructive criticism maintains Mr du Plessis. He considers the press's portrayal of this "reasonable criticism" as a "disservice" to the people.

The free press has the same rights, obligations and responsibilities as every South African citizen and freedom of the press does not automatically excuse journalists from these limitations.

It is unreasonable to claim that the press would disclose all were it not for the restrictions. Mr du Plessis said information which has a high security value and could prove hazardous to South Africa, was withheld from publication.

The Deputy Minister justified his statement by saying that no country would openly declare their official secrets. Since South Africa faces a continual threat, it is even more reasonable that they withhold certain military and police information. To maintain good relations between the media and the government is impossible if the country is continually described as oppressed. He urged critics to be more cautious in their criticism as South Africa is in such a precarious and unique situation.

# *Polemiek woed oor rasseverhoudinge*

'n ARTIKEL oor die Kerk se standpunt t.o.v. rasseverhoudinge deur prof. Willie Jonker het 'n polemiek veroorsaak wat nou nog in *Die Kerkbode* voortwoed. Prof. Jonker is van die Departement Dogmatiek by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch.

**Die jongste ontwikkeling in die polemiek is 'n brief van dr. Sarel Eloff, jeugsekretaris van die NG Kerk in Bloemfontein, waarin hy sê dat apartheid wel teologies geregverdig kan word, en dat dit nie kettery is nie.**

Die oorspronklike artikel het in die Somer 1982-uitgawe van *Leadership SA* verskyn.

Prof. Jonker bespreek in hierdie artikel die posisie van die NGK na sy skorsing uit die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) in Augustus verlede jaar.

Prof. Jonker het onder andere gesê dat diegene wat aparte kerke vir verskillende rasse voorstaan, dit nie op teologiese gronde doen nie, maar om politieke redes.

Prof. Jonker se artikel het in detail die besluite van die Sinode ná die gebeure in Ottawa beskryf. Hy het gesê daar is 'n goeie kans dat die NGK eendag 'n voorbeeld van versoening in die naam van God sal word.

In *Die Kerkbode* van 4 Mei 1983 het dr. Eloff op prof. Jonker se artikel gereageer. Dr. Eloff beskou prof. Jonker se uitsprake oor die sg. onwilligheid van die NGK om 'n versoenende rol te vervul as 'n "krasse veroordeling". Dit sou beteken dat die NGK nie 'n lewende kerk is nie. Dr Eloff voel die liberale teoloë is op 'n dwaalspoor. Dr. Eloff suggereer in sy artikel dat dit die liberale teoloë is wat "politieke teologie" bedryf.

Prof. Jonker het in *Die Kerkbode* van 22 Junie 'n antwoord op dr. Eloff se artikel geplaas. In hierdie artikel het hy dr. Eloff daarvan beskuldig dat hy "natuurlike teologie" bedryf. "Natuurlik weet die Bybel van die bestaan van verskillende volkere. Maar die Bybel trek nou juis nie daaruit die konklusie dat daar afsonderlike kerke moet bestaan nie.'



PROF WILLIE JONKER

In reaksie op Prof. Jonker se beskuldiging, het dr. Eloff 'n brief in *Die Kerkbode* van 10 Augustus geplaas. Hy beskou prof. Jonker se artikel nie net as 'n aanval op homself nie, maar ook op die NGK. "Ek het geen ander standpunt as my Kerk s'n nie", het hy gesê. Hy het sterk gereageer op prof. Jonker se beskuldigings van "natuurlike teologie". Hy gee toe dat die Bybel nie uitdruklik voorskryf dat daar aparte kerke moet wees nie. "Maar sê die Bybel dat dit onbybels sou wees as dit wel die geval is?"

Volgens dr. Eloff moet almal wel broeders wees binne die "universele kerk". Maar die beteken nie dat hulle almal saam mag wees in dieselfde "plaaslike" kerk nie.

*Die Matie* het prof. Jaap Durand, vise-rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, vir kommentaar genader. "Ek het niks op dr. Eloff se argument te sê behalwe dat dit onbybelse kettery is nie. Dit is teen dié soort teologie wat die NGSK se belydenis homself rig."

# Matie sterf in motorongeluk

'n JONG Matie van die Paarl, André Fourie is op 1 Julie in 'n motorongeluk oorlede. Die ongeluk het op die grondpad tussen Citrusdal en Paleisheuwel plaasgevind. André was 21 jaar oud.

André en ses van sy vriende was op pad na Lambertsbaai. Die bestuurder het vir 'n bok uitgeswaai. Die kombi het 'n rots langs die pad getref en het verskeie kere gerol.

André was 'n eerstejaar B.Econ-student. Hy het verlede jaar sy militêre diensplig voltooi. Hy word oorleef deur sy ouers, twee broers en 'n suster. Hy is op 5 Julie uit die N.G. Kerk Suider-Paarl begrawe.

Nog 'n Matie van die Paarl, Shane Brorson, het heupbeserings opgedoen. Hy is in traksie in die Paarl-hospitaal. Shane is 'n tweedejaar B.A.LO-student.

Jacques Visser, 'n eerstejaar-student aan die Paarlse Opleidingskollege, het sy pols en enkel gebreek. Hy was 'n SA Skolerugbyspeler. Frank Hickman het 'n nekbesering opgedoen. Hy is reeds uit die hospitaal ontslaan.

Die ander insittendes, Charl Viljoen, Johan Slabbert en Pieter Brink is nie ernstig beseer nie.

MATIE TOER '83

BESPREKINGS, BROSJURES EN NAVRAE
beskikbaar by
Steven B. Rosendorff,
Jonkershoekweg 42,
Stellenbosch.
Tel. 5257. Na-ure: 4942
OF
Richard H. Daneel
Stellenbosch Reisagentskap
(Edms) Bpk
Birdstraat 58 oorkant Die Braak.
Tel. 72920

*HELSHOOGTE-REÜNIE*

# Ou hane kraai saam na tien lang jare

HELSHOOGTE, die jongste manskoshuis op die kampus, het oor die Intervarsity-naweek hul eerste tien bestaansjare op luisterryke wyse gevier. Ongeveer honderd-en-tien "Ou Manne" het kom help om die geleentheid 'n onvergeetlike ervaring te maak.

Helshoogte, die jongste manskoshuis op die kampus, het die naweek van 5 tot 7 Augustus sy tiende bestaansjaar gevier. Dit was die eerste geleentheid vir die oud- en huidige inwoners om so saam te kom.

### Oud-lede

Die geleentheid is deur ongeveer 150 huidige en 110 oud-huislede bygewoon. Persone van sover as Durban, Johannesburg en Pretoria het gekom om deel te hê aan die reünie.

Vrydagmiddag vanaf 16h00 het die manne begin registreer en teen 18h00 het die reünie begin met 'n vleisbraai. 'n Markiestent is op die grasperk voor die koshuis opgeslaan waarin 'n oempa-orkes Simonsberg sy 10 jaar se kwaaibuurmanskap laat vergeld het. Op die huisvergadering om 22h00 is die manne met fyn humorsin vergas en het oud-huislede soos Pieter van Jaarsveld, Frans Maree, Hugo Marais, Johan Bouwer en Lappe Laubscher gewys dat weinig van hulle vernuf vermuf het. Eers teen 03h00 het die bittereinders gaan slaap.

### Wedstryd

Saterdagoggend is die groep na Coetzenburg vir 'n wedstryd tussen die eerste rugbyspan en College House van Ikeys. Teen 11h30 het hulle die innerlike versterk met 'n sjampanje-"brunch". En toe was die manne rég vir die Intervarsity. . . .


Saterdagaand was die kersie op die reüniekoek. 'n Formele dinee is gehou en alle oud-primarii het die geleentheid gekry om so ietsie te deel van die herinneringe uit sy jaar as primarius. Die sukses van die aand is verseker deurdat Biesie Biesenbach, tans onderwyser op Mosselbaai, as seremoniemeester opgetree het; die manne het kort-kort geskater vir al sy pittighede.

### Opgeveil

Later die aand is 48 bottels reünie-wyn opgeveil om die fondse te help aanvul. 'n Bedrag van R1 300,00 is op dié wyse geïn danksy die vrygewige bydraes van die oud-huislede. Die laaste bottel is vir 'n bedrag van R150,00 verkoop.

### Erediens

Sondagoggend het almal die erediens in die Studentekerk bygewoon. Na 'n koue buffet-ete, het die inwonende hoof, mnr. Chris Aucamp, 'n afskeidsboodskap oorgedra aan die reünie-gangers.




KARNAVAL '84

# *Bossi wil Bos meer betrek*

MNR. Lorenzo Bossi, 'n B.Comm.LLB student in sy derde jaar, is aangestel as die voorsitter van die Karnavalkomitee vir 1984. Mnr. Bossie gaan poog om die studente meer te betrek en om 'n gesonde Karnaval-atmosfeer te skep.

"Karnaval is daar vir die studente om te geniet, daarom wil ek dit vir hulle die moeite werd maak," sê hy. Maar in Lorenzo se lewe is daar nie net karnaval nie. Nadat hy in 1980 aan die Paarlse Hoër Jongenskool gematrikuleer het, het hy B.-Comm. Regte aangepak en is tans besig met sy derde studiejaar. Hy beplan om na sy LLB-graad 'n advokaat of 'n geoktrooieerde rekenmeester te word.

Mense wat al met Lorenzo se vriendelike geaardheid kennis gemaak het, sal seker nie verbaas wees om te hoor dat daar vurige Italiaanse bloed in sy are vloei nie. Sy pa is 'n Italianer wat na Suid-Afrika geïmigreer het.

### Ondervinding


In sy vrye tyd speel hy tennis, muurbal en sokker vir sy koshuis, Helshoogte. Verlede jaar was hy ook die ondervoorsitter van die Vereniging van Handel en Ekonomie, Helshoogte se Nasionale Party-verteenwoordiger en die tesourier van die Uitvoerende Karnavalkomitee. Alhoewel voorsitterskap van die Karnavalkomitee 'n verantwoordelike werk is, reken Lorenzo dat dit goeie ondervinding sal wees.

Hy glo dat Karnaval nog sy doel dien en voel dat daar 'n goeie balans is tussen die sosiale aspek en die hoofdoel, naamlik om USKOR van geld te voorsien om doeltreffend te funksioneer. Hy is teleurgesteld oor die afstelling van die Regatta, maar sê dat daar goed gedink en beplan moet word aan 'n waardige plaasvervanger waar die studente hulle nog steeds kan geniet.

Lorenzo wil poog om 'n gesonde Karnaval-atmosfeer te skep en om die studente meer as in die verlede te betrek. In hierdie verband beoog hy om die Smoeg-puntestelsel te hersien en meer klem te lê op puntetoekennings by sosiale geleenthede. Hy beplan 'n karnaval wat jare lank nog onthou sal word en het volle vertroue in sy komitee. Verder wil hy ook vir Johann Bell bedank vir sy uitstekende werk en geslaagde poging hierdie jaar. Hy hoop om in die ware tradisie en gees van Karnaval voort te bou.



MNR. Lorenzo Bossi is die nuwe Karnavalkomitee-voorsitter vir 1984. Mnr. Bossi is 'n B.Comm. Regte-student in sy derde jaar.



JOHNNY CLEGG and Du Du Ndlovu of Juluka had the large crowd which filled the Good Hope Centre two weeks ago on their feet as they performed some spectacular Zulu dances.

# Slick Juluka work up a good sweat

DESPITE considerable political pressure encountered during their recent tour of Europe, Juluka gained widespread popularity and established themselves internationally. Their performance in Cape Town, on the eve of Intervarsity, was enthusiastically received by the many Maties who attended.

The air was electric as crowds of Rastafarians, Punks, New Romantics and Maties arrived at the Good Hope Centre to see the first of three Juluka performances two weeks ago.

The group has just returned to South Africa for a short "thank you" tour. The experience that Juluka, now one of S.A.'s leading groups gained overseas, was obvious.

The audience consisted largely of Maties in a jovial, pre-intervarsity mood. They responded reluctantly to the supporting acts, Amopondo and Zeebra.

As the first strains of well-known Juluka music pounded against the eardrums there was no stopping the audience. They flowed down aisles to wriggle, clap and stamp as close to the band as possible. The tight security was unsuccessful in controlling the crowds. Ipi Tombi scenes were replayed all about the centre, as people went "AFF". At the end of the concert, the audience chanted, clapped and encored until the group reappeared to play one last song. In spite of his bout of influenza, Johnny Clegg performed spectacular Zulu dance steps with Du Du Ndlovu. Juluka performed all their hits with great conviction and authentic performances of *Impi, African Sky Blue* and *Africa the Innocent, Scatterlings of Africa* received standing ovations.

Johnny Clegg spoke to the audience in Zulu, but repeated everything in English. The band's message was one of brotherhood and communication between all people. Comments like "festive", "potent" and "amazing" were heard as the crowds left the Centre after the show.

After their performances in Secunda and Soweto, the group will be returning to Europe.

# Fietsers trap fondse los

VYF inwoners van Huis Marais het die afgelope wintervakansie 'n fietstoer onderneem om geld in te samel vir die KJA.

KJA-takke van die betrokke dorpe waar oornag is, het geldelike donasies gemaak ter stywing van die fondse vir die nuwe pastorie. Sowat R450 (R300 na uitgawes) is ingesamel.

Die vyf fietsryers het die totale afstand van ongeveer 600 km in vier skofte afgelê. Hulle het oornag in De Doorns, Ceres, Citrusdal en uiteindelik in hulle eie beddens in Huis Marais. Die gemiddelde snelheid was 30 km/h wat volgens die trappers "stadig" is!

Die vyf fikse trappers was Willie Meissner, Eric le Grange, Gradus Teseling, Johan Groenewald en De Wet Oosthuizen. Hulle is ook deur 'n paar dames vergesel.

Die trappers vertrek hierdie naweek na Durban waar hulle aan die eindrondte van SAFUIS se trapkarliga gaan deelneem.


## GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)
## OUDITEURE
## INGESKREWE PERSONEEL — 1984

Doen u praktiese ondervinding op by 'n firma wat die opleiding van sy personeel as een van sy voorste prioriteite stel.

- ★ 'n Landswyd-gekoördineerde indiensopleidingsprogram
- ★ Praktiese onderrig in gevorderde ouditte gnieke — rekenaaroudits — statistiese metodes
- ★ Bystand met universiteitstudies
- ★ Vordering volgens meriete
- ★ Mededingende salarisse en byvoordele

Tree in verbinding met die Personeelvennoot van Theron van der Poel te:

| | TELEFOON | POSBUS | | TELEFOON | POSBUS |
|---|---|---|---|---|---|
| KAAPSTAD | 216006 | 2799 | GEORGE | 5290 | 1195 |
| BELLVILLE | 976586 | 499 | JOHANNESBURG | 374370 | 9481 |
| STELLENBOSCH | 72828 | 57 | PRETORIA | 216836 | 1093 |
| PAARL | 22294 | 215 | DURBAN | 316296 | 2610 |

# Verklaring van Rektor gesteun

'n PETISIE waarin die Rektor, prof. Mike de Vries, gesteun word in sy verklaring oor die voorgestelde Wysigingswetontwerp op Universiteite, is onlangs in die manskoshuis Eendrag gesirkuleer.

Hierdie wetsontwerp bepaal dat "nie-Blanke" studente net aan "Blanke" universiteite toegelaat sal word volgens 'n kwota wat jaarliks deur die Minister van Nasionale Opvoeding bepaal word. Prof. De Vries het die wetsontwerp as 'n "positiewe en voorwaartse stap" beskryf.

In soverre *Die Matie* kon vasstel is die petisie slegs in Eendrag gesirkuleer. Die meerderheid van Eendrag se inwoners het die petisie onderteken.

Hierdie petisie het akademiese meriete as die enigste kriterium vir toelating gevra. Die petisie is 'n antwoord op 'n petisie wat die Rektor se verklaring veroordeel het en deur 461 dosente en studente opgestel is.

Die wetgewing het ook hewige reaksie van veral Engelstalige universiteite ontlok. Verskeie protesvergaderings is op dié kampusse gehou.

Die petisie is versprei deur mnr. Hamer de Beer.



INTERVARSITY wasn't all watching rugby in the rain. Many drank and drank. . . .

# Intervarsity is . . . painting the town red

by Phillip Myburgh

INTERVARSITY is a debauched orgy of licentious revel at the best of times and this year's was no exception. The Maties picturesque little town was made to bear the brunt of the bedlam caused by thousands of euphoric students from UCT and Stellenbosch, painting the town red.

"Why?" you may ask. "What for?" Is it all done in the name of rugby, or are they still just rebels without a cause? Perhaps the situation was best summed up by an inebriated Matie speaking at the Lanzerac bar on the day before Intervarsity: "I'm pleased it's Friday, because if it were Saturday I'd have to watch rugby . . ."

## Major assault

This attitude was prevalent amongst most Intervarsity-goers, who seemed reluctant to exchange bar stools for cold wet seats at Coetzenburg.

But in good old rugby tradition, (as the song goes: ". . . *when the game is over and we all go home to sleep . . . like hell* . . .") the students launched their campaign to crown their happiness or drown their sorrows. The major assault was undoubtedly that of the Ikeys on the New Wine Route Hotel.

## Sardines

According to Mr Du Preez, manager of the hotel, approximately 1 500 to 2 000 of our friends from the Mother City made a beeline for the place after the match. He said it was a pre-organised after-party, and has been for the past two Stellenbosch-hosted intervarsities.

Mr Du Preez declined to comment on the amount of alcohol consumed (hint: it wasn't a moderate amount). He said: "It was like sardines" and added that no damage was done, "not an incident."

## Quagmire

A marquis was erected next to the disco "De Balke", and together they provided an ideal venue for the students. The place was packed to bursting point and the students spent much of the evening singing, drinking, and bouncing up and down in the mud.

U.C.T. organised a bus service to transport the students back to Cape Town and the place was left a muddy quagmire littered with beer cans and scarred with



. . . but didn't drink like this.

car tracks.

So, Intervarsity is over and the Ikeys have gone back to recover. But wait — next year will come — and so will the Matie '84 onslaught on Newlands and surrounding venues for our soirées and celebrations.




# 'Skenk vandag bloed' gesteel

'n BANIER van die Westelike Provinsie Bloedoortappingsdiens, waarop daar "SKENK VANDAG BLOED" staan, is Dinsdagaand 7 Junie uit die Hofmeyrsaal in Kerkstraat verwyder.

Mnr. Chris van Zyl, SR-lid vir Bloeddiens, het versoek dat enige persoon wat inligting in verband met die verdwyning kan verskaf, telefoonnommer 4625 in Stellenbosch moet skakel.

Die banier is volgens mnr. Van Zyl nutteloos vir enige iemand behalwe die Bloedoortappingsdiens. Hulle versoek dat dit so gou as moontlik terugbesorg word.

## BYDRAES GEVRA

# Majuba onthou hul geskiedenis


DIE manskoshuis Majuba het onlangs 'n borgskap ontvang vir die opbou van hul argief. Volgens mnr. Jaco Sieberhagen het Majuba, wat een van die jonger manskoshuise is, reeds 'n verlede om op trots te wees.

Met die geldelike hulp van mnr. Felix Visagie van Sanlam, kan dié koshuis nou hul verlede vir nuwe en oud-Majubane bewaar.


Daar is nog baie leemtes wat gevul moet word en alle oud-Majubane word versoek om bydraes in die vorm van foto's, staaltjies, briewe en verhale van petaljes wat in of met die koshuis gebeur het aan die argief te stuur.

'n Oud-Majubanebond is ook gestig. Alle vorige inwoners van die koshuis word versoek om hul adres aan Majuba te stuur sodat daar met hulle in verbinding getree kan word.








MATIES
'83
INTERVARSITY











# Musiek maak die maal

ALMAL weet hoe 'n restaurant se musiek 'n mens se eetlus kan beïnvloed. Die musiek in die Midnite Grill en Evergreen is 'n pluimpie vir albei restaurante, klank- en kosgewys.

Die jazz-groep *Scratch* tree elke Sondagaand in die Midnite Grill op. Vir 'n groep wat nog net tien weke bymekaar is, kan hul net van krag tot krag gaan.

Hulle speel hul eie verwerkings van liedjies soos *Summertime* en ook eie komposisies.

Die saksofoonspeler is Bill Moliepaard, wat baie van die groep se musiek self skryf. Alan Howard speel sintetiseerders, Lieb Venton die kitaar en Keith Coxen is die tromspeler. Keith het ook in die Sing Song-orkes opgetree.

*Scratch* se musiek vind groot byval by die gaste in die Midnite Grill en messe en vurke word dikwels neergesit om hande te klap. *Scratch* het die wenresep — baie potensiaal en ambisie. Ons sien uit daarna om meer van hulle te hoor, en veral van die saksofoonspeler.

Nog 'n restaurant wat eers van onlangs af saans oop is en ook musiek aanbied, is Evergreen. Dit kon natuurlik niks anders as klassieke musiek wees nie.

'n Strykkwartet, bestaande uit musiekstudente, tree elke Donderdagaand op. Die twee violiste is Peter Plüddermann en Veronica Wand. Renette Swart speel die viola en Hans Huyssen die tjello. Op 4 Augustus, die openingsaand, was Evergreen stampvol. In die rooklose atmosfeer het die gaste die ligte klassieke musiek net so baie soos hul Ravioli en Canelloni geniet.

Evergreen stel ook kitaarmusiek in die vooruitsig.

**LOUISE VILJOEN**



NOËL ROOS se benadering tot toneelspel en regie is dat jy òf baie goed is in dit wat jy doen, òf jy probeer iets anders.

## *LEWENDE TEATER*

# Drama-departement is onontbeerlik

DIE teater is vanselfsprekend 'n onontbeerlike deel van enige samelewing, glo Noël Peter Roos. Hy is reeds vanaf 1979 lektor in drama aan die Universiteit van Stellenbosch. Onder sy regie is die musiekblyspel *The Boyfriend* in 1980, *Equus* en *Oidipus* in 1982 en *The Zoo Story* in 1983 in die H.B. Thom-teater opgevoer. *The Crucible* se openingsaand is op 2 September.

PROFIEL deur Rouxnette du Preez

Hy sê dat professionele teater nie net vermaak mag bied nie. As die samelewing nie werklik 'n behoefte aan teater het nie, word dit 'n oppervlakkige terrein of 'n speelplek vir intellektueles.

Die blanke westerse wêreld (Suid-Afrika ingesluit) het in 'n groot mate nie meer 'n behoefte aan teater nie. Die teater kan daar niks aan doen nie — dis die samelewing wat moet verander. Daar is egter 'n deel van Suid-Afrika wat wel die teater nodig het . . . en dáár is hy lewendig.

Noël Roos het in die Boland grootgeword. En ja, hy is familie van die rugbyheld, Paul Roos.

Eers toe hy vir 'n B.A.-graad by Rhodes ingeskryf het en ontdek het dat 'n nuwe dramadepartement daar geopen word, het hy aktief deel begin word van die dramawêreld. As deel van die heel eerste groep dramastudente aan die Rhodes Universiteit, behaal hy sy graad in *Speech and Drama*.

Die hoof van die destydse dramadepartement, Roy Sargeant (tans hoof van die SATV se Engelse Drama), het 'n groot invloed op sy latere regiewerk gehad. Met 'n verdere onderwysdiploma was sy voorneme om te gaan skoolhou.

Sy belangstelling in die teater was egter té groot om net belangstelling te bly. Na sy universiteitsopleiding werk hy as akteur vir TRUK, as organiseerder vir die KRUIK-balletgeselskap en kry selfs 'n smakie van die operawêreld as verhoogbestuurder by die KRUIK Operageselskap.

Hy keer terug na Rhodes waar hy sy Honneurs in Drama voltooi. Met waardevolle ondervinding as onderwyser in Engels aan twee hoërskole, kom hy na Stellenbosch.

Sy perfeksionisme, waarvan almal wat hom ken kan getuig, spreek duidelik uit sy benadering dat jy óf baie goed is in dit wat jy doen, óf dat jy iets anders moet probeer.

In sy keuse van toneelstukke vir die Universiteitsteater is sy hoofdoel altyd om die hoogste moontlike standaard daar te stel. Die stukke wat hy kies moet vermaaklik wees, maar moet ook kan boei deur betekenis en toepassingswaarde te hê.

Ons is te konserwatief in ons keuse van toneelstukke op Stellenbosch. Ons sensureer onsself baie strenger as wat die samelewing ons sou sensureer — en die samelewing maak teater, nie andersom nie. Die teater probeer nie oplossings gee nie, maar is 'n weerspieëling van die gemeenskap waarin ons leef. Dis dus nie die teater wat gesensureer moet word nie, maar eerder die samelewing, sê mnr. Roos.

Mnr. Roos glo dat drama 'n intensiewe akademiese studie van die menslike gedrag is. Net soos in die geval van medies of musiek, móét dit egter ook prakties beoefen word. 'n Dramadepartement is onontbeerlik vir enige fakulteit van Lettere en Wysbegeerte — daarsonder ontbreek die hart van 'n universiteit.

Belangstellings buite die teater is daar baie, maar van vrye tyd is daar min sprake.

Noël Roos het 'n baie spesifieke benadering tot sy regie. Daar is baie metodes en geen definitiewe reëls in regiewerk nie. Die metode hang af van die persoonlikheid van die regisseur en wat hy as doeltreffend beskou.

Jy kry akteurs wat tydens 'n repetisie oënskynlik glad nie werk nie, maar tog innerlik besig is om hulle rol te ontgin. Ander werk nie — omdat hulle òf lui òf dom is. Die een akteur moet met rus gelaat word en die ander nié.

Mnr. Roos probeer elke akteur as mens verstaan. "I like working very intimately with my actors — to understand them as people and they must understand me as a person." Daar moet saam ontgin, ontdek en gebou word. So kan die regisseur help om die volle potensiaal van elke persoon te gebruik in die proses van ontginning. Daarom eis hy streng dissipline en totale oorgawe aan die werk.

Wat Noël Roos in sy werk en lewe as regisseur vra, kan opgesom word in dit wat Grotovsky gesê het:

*There is something incomparably intimate and productive in the work with the actor entrusted to me. He must be attentive and confident and free, for our labour is to explore his possibilities to the utmost. His growth is attended by observation, astonishment and desire to help; my growth is projected unto him, or, rather, is found in him — and our common growth becomes revelation.*



NOËL ROOS, die regisseur, in aksie.

# *The Crucible guarantees gripping entertainment*

REHEARSALS are now in progress for the University Theatre production of Arthur Miller's *The Crucible*. It will be staged in the H.B. Thom Theatre at the beginning of September. This production guarantees gripping entertainment for at least two reasons: the play explores a basic problem which confronts every member of any organised society, and this problem is presented in an intensely theatrical way with many moments of high suspense.

In *The Crucible* Miller examines a specific community at a moment of crisis, when there is a life-and-death conflict between Authority and the Individual. Such a conflict affects every one of us because it is built into the very structure of *every* society and each one of us has to make a personal choice, at every level, between retaining our individual integrity or conscience or resigning it to Authority.

*The Crucible* is thus a powerful allegory of our time, and this explains why the play, which this year celebrates its thirtieth anniversary, is thoroughly modern and relevant

The witch hunt in the play is one which is being waged daily in society, and we are each forced to choose between being one of the hunters or one of the hunted.

In the play the authority is a combination of Church and State which has assumed a position of far greater power than is necessary for the maintenance of law and order.

While no one doubts that there are *devils* in our society, what is often not recognised is that the effects of a hysterical witch hunt by the authorities (and by the people who support them for purely selfish motives) are more harmful to society than the devils could ever be.

For the Stellenbosch production of *The Crucible*, the script has been slightly adapted to highlight its relevance for our own society. Direction is by Noël Roos, lecturer in the Drama Department, and the cast of twenty consists of drama students from all three years of study.

There will be five performances of *The Crucible* spread over two weekends: 2—3 and 8—10 September. Tickets are available from Theatre Bookings (Edrich) and the Drama Department.

**NOËL ROOS**



GUSTAV GELDENHUYS, Isadora Verwey en Robert Finlayson (van links na regs), besig om te repeteer aan *The Crucible*.

# Kunskalender

**US KUNSMUSEUM**
Werke van Jan Vermeiren word uitgestal tot die elfde September.

**EDRICH KUNSGALLERY**
16.8 — 28.8.83 Werke van *Jan de Waal* word uitgestal.

**ENDLERSAAL**
19.8.83 20h15 *Stadler Quintet* van KRUIK tree op.
21.8.83 Om 20h15 na afloop van die aanddiens vind 'n uitvoering deur Trudie Koeleman (sopraan) en Acama Fick (klavier) plaas.
27.8.83 20h00 tree studente van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege op.
28.8.83 'n Uitvoering van eietydse musiek deur die US-komittee om 29h15.

**ANDER VERMAAK**
Midnite Grill, The Island, Breughel en Burger Fair het elke Sondagaand musiek.

**H.B. THOM**
17.8 — 20.8.83 *Kabadaz 2*, 'n dansvertoning deur Tossie van Tonder.
2.9 — 3.9.83 *The Crucible* van Arthur Muller.

**CINE I**
18.8 — 20.8.83 *Return of the Soldier* met Glenda Jackson, Julie Christie.
20.8.83 10.30 en 2.30 *Grizzly*.
22.8 — 23.8.83 *Zapped* met Scott Baio en Flice Schacher.
24.8 — 27.8.83 *Bad Timing* met Art Garfunkel en Theresa Russel.
27.8.83 *The Pirate Movie* met Christopher Atkins en Christie McNichol slegs 10.30 en 2.30.

**CINE 2**
20.8 — 23.8.83 *The Party*, 'n komedie met Peter Sellers.
24.8 — 27.8.83 *Percy*, 'n komedie met Elke Sommer en Hywell Bernett.
27.8.83 *North Sea Hijack* met Roger Moore, Anthony Perkins en James Mason.

**KREATUS**
Elke Woensdag om 13h00 word daar films in die Otto Schreüdersaal van die Kunsdepartement vertoon.

**FILMVERENIGING**
*(Sien berig op bl. 8)*

## *PLATEPETALJES:*

# Die een se dood is die ander se brood

**THE CREATURES — FEAST**

Pieter van der Lugt

*Hallo Poppers!*

My naam is Kees Wolkers en ek is 'n neef van julle gereelde plateman. Hy is tans in die plaaslike hospitaal, waar hy mooi aansterk na 'n gal-operasie.

Soos hulle sê, die een se dood is die ander se brood — daarom gebruik ek die kans om julle te vertel van 'n paar lekker op-en-wakker treffers wat by die cna aangekom het.

Eerstens wil ek 'n storietjie vertel. Poppers moet maar verskoon as ek nie soos my ou neef kan kwinkeleer nie.

Die verhaal word vertel van 'n paartjie wat deur 'n bende ongure karakters gevang, aangehou en gemartel word. Die man, vasgebind op 'n bed, moet aanskou hoe die boewe sy meisies toetakel.

Hulle dink egter 'n gruwelik nuwe manier uit om die meisietjie af te knou: 'n paar bottels word op die grond gebreek. Sy moet op die glasstukke dans om haar liefde vir haar outjie te bewys. Die storie eindig so, dat sy dan haar voete flenters dans, alhoewel sy weet dat sy en haar outjie nie deur die liefdesdaad uitgespaar sal word deur die skurke nie.

Mooi nè poppers? Wel . . . die storie het 'n meisie, eintlik 'n punk-rocker met die naam Siouxie Sioux, 'n liedjie laat skryf met die naam van *Dancing on Glass*.

Dis op 'n langspeler *Feast* . . . Julle kan dit nou orals koop. Sy gebruik op dié plaat net inheemse Hawainse instrumente — geen ghitare of dromme of klawers nie. Poppers wat van *Zamfir* of die *Caravans*-klankbaan gehou het, sal dié mooi plaat baie geniet.

Siouxie was eers by 'n groep met die naam *Siouxie and the Banshees* . . . maar ons lesers het seker nog nie van dié klomp gehoor nie.

Dis al vir eers! Bly gehoek op kitare en luister lekker!

Van julle medepopper,
*Kees Wolkers.*

silver pebbles
JUWELIERSBOETIEK
Verloof raak?
Dit was nog nooit so maklik nie
Silver Pebbles het tans 'n skitterende verskeidenheid diamante. As u iets spesiaals in gedagte het, is Silver Pebbles die plek waar u dit sal vind. Ons sal die diamant van u keuse set in die ring van u keuse.
Trust Banksentrum, Stellenbosch Tel. 6150

Die Matie
Donderdag 18 Augustus 1983

# Verteenwoordiging bly 'n probleem

DIT is jammer dat die Studenteparlement besluit het om nie die Studente-Unie direk vir die SR te laat stem nie. Die feit dat die SP 'n ondersoek na hierdie saak geloods het, is prysenswaardig. Daar is egter ander probleme rondom die SP-stelsel wat onaangeraak bly. Die belangrikste hiervan is die kwessie van verteenwoordiging.

'n Groot probleem is dat minderheidsgroepe nie verteenwoordiging het op die SP nie (soos 'n destydse SR-lid en een van die opstellers van hierdie stelsel, mnr. Nicky Barnardt, self gesê het in *Die Matie* 5 Augustus 1982). So gaan nie net baie goeie leiers nie, maar ook die potensiaal wat opgesluit lê in Stellenbosch se unieke wye dinkspektrum, tot 'n groot mate verlore. Agt buitengewone kandidate wat deur die SP self gekies word, los hierdie probleem nie op nie.

Die feit dat aandag nie geskenk word aan sulke sake nie, is sleg vir die SP se beeld. As 'n liggaam wat hom telkens roem op hoe verteenwoordigend hy is, moet die SP dringend hierna kyk. Hulle aansien by die Studente-Unie moet deur sulke ondersoeke verhoog word — en nie in die eerste plek deur iets soos Matie-baadjies nie.

Die SP-SR-struktuur is teoreties ideaal ten opsigte van verteenwoordiging. Dit is gebaseer op die Westminster-stelsel. In lande waar so 'n stelsel gegeld het, bv. Suid-Afrika en Brittanje, word daar tans gesoek na ander oplossings omdat die Westminster-stelsel in die praktyk net nie verteenwoordigend is nie. (In die laaste SA-verkiesing het die HNP relatief nie veel minder stemme gekry as die PFP nie, maar tog het die PFP 28 setels gewen en die HNP niks.)

Die teoretiese verteenwoordigendheid van die stelsel berus op die aanname dat die gewone student daarin gaan belangstel en daaraan gaan deelneem. Onder US se Studente-Unie is daar 'n onstellende, groeiende apatie ten opsigte van SP- en SR-sake. Hierdie is maar die derde termyn waarin die huidige stelsel geïmplementeer word en reeds is daar in een jaar 'n toename van 14% ten opsigte van wyke waar SP-lede onbestrede verkies is. Sou die nuwe stelsel dan nie volgens die opstellers 'n siftingsproses wees nie? Iemand wat as gevolg van apatie onbestrede verkies word, is nie noodwendig verteenwoordigend nie.

Beter kontak deur 'n SP-lid met sy wyk sal hierdie probleem net gedeeltelik oplos. As die studente self kan stem vir die SR, sal hulle wel meer belangstel in SP- en SR-sake. Verder sal hulle ook self die mense kan kies wat namens Stellenbosch eksterne skakeling moet behartig en monstervergaderings kan belê.

Dit is egter dringend noodsaaklik dat daar na die basiese probleem van verteenwoordiging gekyk word.

## REDAKSIE


**HOOFREDAKTEUR:** CORINNE OOSTHUIZEN, Nemesia (Tel. 6592)
**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhovensentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-Kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** COBUS SMIT, Eendrag (Tel. 72610)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** STEVE ROSENDORFF, Jonkershoekweg 42 (Tel. 4942 (na ure) of 5257)
**HOOFNUUSREDAKTEUR:** FINLAY TAYLOR, Dorpstraat 57 A (Tel. 74130)
**AKTUELE REDAKTEUR:** LOUIS DE VILLIERS, Victoriastraat 63 (Tel. 6510)
**NUUSREDAKTEUR:** ANDRÉ DUVENHAGE, Eendrag (Tel. 72610)
**SPORTREDAKTEUR:** HUGO LAMBRECHTS, Majuba (Tel. 2010)
**KUNSREDAKTEUR:** STEFANIE HEFER, Nerina (Tel. 2042)
**SOSIALE REDAKTEUR:** CARINA KOEN, Monica (Tel. 3118)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 6500)
**TAALREDAKTEUR:** LEONI HOFMEYR, Zimbabwe 3, Borcherdstraat (Tel. 4954) en CAROL CHRISTIE, Monica (Tel. 3118)
**HOOFFOTOGRAAF:** GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 021-963401)
**SPOTPRENTEKENAARS:** FRANS BASSON, Majuba; ANDRIAN LOUW, Majuba
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** Riaan Smit en Philip Myburgh
**NUUSVERSLAGGEWERS:** M. Honey, H. Schneider-Waterberg, R.F. de Kock, A. du Toit, C. Kloppers, E. Lesch, A. van der Spuy, A. Siegrühn, L. Kruger
**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** Gerhard van Eeden en Elmarie Engelbrecht
**SPORTVERSLAGGEWERS:** C. Dercksen, L. van Eeden
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** Doria Joubert
**KUNSVERSLAGGEWERS:** E. Hefer, H. Marais, M. le Roux, L. Viljoen, A. van Zyl
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** Betsie Brown
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** C. du Plessis, B. Claassens, L. Stuart
**SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR:** Anton Steenkamp
**INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** A. van Wyk, O. Dupper, M. Pienaar
**FOTOGRAWE:** M. Venter, L. van der Vyfer, B. Booyens, K. van der Merwe

## Aansoeke ingewag

AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van die *Akkerjol '84*:

Hoofredakteur
Sub-redakteur
Fotograwe (2 poste)
Spotprenttekenaars (2 poste)
Organiseerder — Mej. Akkerjol
Tipograaf
Sekretaresse
Verslaggewers (4 poste)

Aansoeke, vergesel van 'n lys van relevante ondervinding kan gerig word aan: Die Voorsitter: Publikasiekomitee, SR-kantoor, LSS, STELLENBOSCH 7600. Sluitingsdatum: 12h00 op 25 Augustus 1983.




DOES it make you shiver with anticip . . . . . .ation?

# Rugby altyd 'n sport vir amateurs

## Matie-Gesprek

LOUIS DE VILLIERS gesels met



DR. DANIE CRAVEN

PROFESSIONALISME in rugby is 'n baie omstrede kwessie in Suid-Afrikaanse sport. *Die Matie* het oor hierdie en ander belangrike sake met dr. Danie Craven gesels. Die bekende dr. Craven is die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en was vir lank die dryfkrag agter Matierugby.

**Naas Botha se kanse om in die Dallas Cowboy-span te kom, lyk al hoe minder rooskleurig. Wat sal sy kanse wees, indien enige, om weer in 'n Curriebekerspan te mag speel?**

As 'n man eenmaal 'n beroepspeler is, het hy hoegenaamd geen kans om terug te kom na die amateurspel nie.

### POLISIE

In sy geval kan daar dalk 'n baie klein kansie wees om terug te kom, omdat hy in die polisie is en die polisie vir ons diens doen op die grens. Dis eintlik 'n oorlogstoestand. Eintlik, gedurende die laaste oorlog het beroepspelers, wat in die magte was, amateurrugby kon speel.

**Dink u nie miskien dat die LR hul reëls een of ander tyd sal wysig sodat gridiron as 'n aparte sport geklassifiseer kan word nie — Kallie Knoetze is bv. betaal om te boks, maar hy kon darem ook amateurrugby speel.**

Wel, ek was ook in die Raad toe daardie saak te berde gebring is. Ek het gesê dat ons dit nie as dieselfde spel as rugby kan beskou nie.

### GRIDIRON

Ons het die rugby-beroepsliga, maar die gridiron is ook afkomstig van dieselfde voorvader as Rugby en dit word voetbal genoem. Dit was eintlik 'n versoek wat uit Amerika gekom het dat dié mense as beroepspelers beskou moet word.

**'n Mens kan geld wen in raadskompetisies soos die Lionbeker as die spanne ver kom. Kan 'n mens nie daarin 'n stukkie professionalisme inlees nie?**

Dis nie 'n individu nie. Dit is 'n span of dit is 'n unie. Daar is 'n groot verskil. Dis wanneer jy as mens, of as individuele speler jou talente gebruik om geld te maak. Dis waar ek die streep trek.

**• "As 'n man eenmaal 'n beroepspeler is, het hy hoegenaamd geen kans om terug te kom na die amateurspel nie".**

**• "Ons wil hê dat die mense sien wat ons probeer doen t.o.v. reg en geregtigheid, gelyke kanse vir al ons spelers, al is daar baie dinge wat nog nie reg is nie".**

**Dink u dat hulle ooit in rugby die voorbeeld van internationale atletiek sal volg? Dat jy nie mag hardloop vir geld nie, maar dat jy mag adverteer met jou eie naam?**

Ek is bevrees dat die Internasionale Raad op hierdie stadium baie hard is, en dat daar geen kans is op hierdie stadium om sag te word nie, of hul sag te maak nie.

**Dink u David Lord het hoegenaamd 'n kans op sukses met hierdie rugbysirkus van hom?**

Hy kon, as dit nie was dat hy al drie maal bankrot was nie, dan sou hy sukses kon gehad het.

**Die David Lord-saak is nou een besigheid, maar die rugbyliefhebbers dwarsoor die wêreld se begeerte dat daar 'n wêreldreeks in rugby so elke vier jaar gehou moet word op amateurvlak. Sien u enige kans dat dit ooit sal gebeur?**

Op die oomblik nie. Jy sien, op die oomblik is dit nie om snaaks te wees dat die Internasionale Raad dit afkeur nie, maar as jy die wanpraktyke wat uit 'n oordrewe wengedagte gebore word sien, wat tog maar die doel is agter 'n wêreldbeker, dan is dit nie meer sport nie, dis 'n soort van oorlog.

### SOKKERMENSE

Ons is afgeraai. Ek was teenwoordig toe sokkermense wat deelneem aan die Wêreldreeks vir ons gesê het: "Asseblief mense, bly uit as julle die spel en gees verbonde aan dié spel wil behou."

**Die kongres waarmee u op die oomblik besig is om vir mense te wys watter vordering in SA rugby gemaak word — wat dink u sal dit vir SA rugby beteken?**

Op díe oomblik kry ons net negatiewe publisiteit, asof hier net negatiewe dinge bestaan. Al die positiewe dinge wat gedoen word kry nie toegang tot die koerante in Brittanje of Nieu-Seeland nie.

### GEREGTIGHEID

Ons wil hê dat die mense sien, wat hier gepoog word, wat ons probeer doen t.o.v. reg en geregtigheid, gelyke kanse vir al ons spelers, al is daar baie dinge wat nog nie reg is nie. Al is daar net 5% van die mense wat ten minste die positiewe dinge sal raaksien en daaroor sal rapporteer, dan het ons reeds gewen. Dan vat jy 'n man soos Ramsammy wat in Londen sit met sy organisasie en die hele wêreld beïnvloed — hy het vandaar 'n netwerk op tou gesit teen die Springboktoer in Nieu-Seeland 'n jaar of twee gelede.

### BOIKOT

Dit kom nou eers uit, omdat die groot koerante in Nieu-Seeland besluit het om ons te boikot. Hul is deel van die netwerk teen ons gestel deur die anti-Apartheidsmense. (Ramsammy — ek weet nie waar hy die geld vandaan kry nie — wat gedurig in Nieu-Seeland rond is en wie weet watter geld nog gebruik). Ons weet nou meer as wat ons geweet het voor die Springbokke gegaan het. Maar ons het nou ander mense uitgenooi. Hulle sal ook kom.

# perspektiewe en dinge

FANIE was 19. Melanie 18. Hulle was lief vir mekaar.

Fanie was goed opgevoed. Na twee jaar diensplig was hy oud genoeg om vir homself besluite te neem. So ook met Melanie.

Elkeen van hulle was in 'n koshuis op Stellenbosch. Fanie kon by enige tyd van die dag by Melanie gaan kuier. Tot saans elfuur. Daarna was Melanie steeds vry om uit te gaan. Sy was oud genoeg om vir haarself besluite te neem. Sou hulle besluit om uit te gaan en die aand laat terug te kom, was hulle vry. Sy het 'n sleutel vir die voordeur gehad soos al die ander meisies.

Melanie het soms by Fanie gaan kuier. Ook net tot elfuur.

Melanie was ook emosioneel stabiel genoeg om aan te pas op Stellenbosch.

Melanie het akademies goed gedoen. Sy het geweet wanneer sy kon bekostig om uit te gaan. Fanie ook. Die koshuisreëls het nie hulle vryheid beperk nie. Hulle het self besluit hoe vry hulle wil wees. Huismoeders kon dus gerus gaan slaap. Melanie was groot en so ook Fanie.

* * *

Daai fliek was regtig ontstellend. Jy moet dit gaan kyk."

"Jannie was 19. Sannie 18. Hulle was lief vir mekaar.

"Toe hulle op Stellenbosch kom is elkeen van hulle in 'n koshuis geplaas. Maar hulle was aan niks gewoond nie. Jannie is gedoop *sodat hy kon leer dat sy koshuis die beste presteerder is op sport, akademiese en sosiale gebied.* Hy moes ook so doen *en dit sou goed wees in die oë van die wat vóór hom was.*

**cobus smit**

"Sannie moes saans agtuur in die koshuis wees. Sannie moes studeer. Van hulle ander belangstellings het daar ook nie veel gekom nie. Die fliek speel in die Victoriaanse-era af. Dit is glo gebaseer op ware feite."

"Ek kan dit byna nie glo nie."

"Sannie het toe maar besluit om onbetrokke te raak. 'Dit sou tog nie help om teen die prikkels te skop nie. Die burokrasie was onwrikbaar sterk.' Sy het verval met die gedagte. 'Ek is nog nie groot genoeg om vir myself besluite te neem nie. As ek eendag groot is sal ek kan maak soos ek goed dink.'

"Jannie was boos. Hoe kon Sannie sommer net swig? Sy moes rebelleer. Sy moes die reëls oortreë. As sy dit gereeld doen dan sou hulle die behoefte by haar besef. Die behoefte om 'n wyer spektrum lewe te ly. Vir Jannie was dit belaglik dat hy en Sannie nie in die week kon saam uitgaan nie.


"Sannie het egter verkies om terug te trek in haar kamer. Hulle het maar liewer koffie-*parties* gehou om die gemoedere te laat afkoel. 'Ag so 'n klomp meisies bymekaar. Dis lekker. Daar kom nogal baie snaakse goed uit. Ons lag altyd so hard dat die HK ons moet kom stil maak. Hoekom swot julle nie?'

'SWOT! Reëls sal ons nie laat swot nie. Verder, ons is seker oud genoeg om vir onsself besluite te neem.' Sannie is beboet omdat sy so astrant met die HK was.

"Saterdagaande en Vrydagaande kon sy later uit bly. Dis dán wat Jannie alles wat die week agterstallig geraak het kon inhaal. Iewers ver van straatligte was daar 'n klein studentekarretjie geparkeer. Radio Orion het die musiek verskaf. Daar was wasem teen die ruite. Hoe laat Sannie in die koshuis moes wees, het glad nie verband gehou met die feit of wasem teen die ruite sou ontstaan of nie. Net die temperatuur. Net die temperatuur."

Die volgende dag kom Fanie weer by Melanie kuier. "Weet jy Melanie, ek het gisteraand eers besef hoe bevoorreg ons is hier op Stellenbosch. Jy weet ons het geen reëls wat ons vryheid beperk nie. Kyk hier kom kuier ek vir jou in jou kamer, en daar's geen reëls wat dit verbied nie. Dis asof daardie mense in die fliek soos kinders behandel is. Ek weet nie, maar ek dink dat hoe meer 'n mens vertrou word, hoe meer verantwoordelik is jou optrede."

# Weegskaal



'n Gawe soldaat op die trein
maak grappies oor oorlog
asof 'n handgranaat en 'n landmyn
sulke snaakse speelgoed is,
sulke snaakse speelgoed is.
Moenie dat die kinders,
moenie dat die kinders,
moenie dat die kinders hoor nie.
Vandag se idealis
Is môre se terroris
Moenie dat die kinders hoor nie!

— Laurika Rauch

# MANNA



(STUDIES FOR THE *BATTLE OF ANGHIARI* — LEONARDO DA VINCI.)

**Some trust in war-chariots and others in their horses but we trust in the power of the LORD our God.**

Ps. 20.7

# SR hou laaste vergadering

TEN spyte van 'n paar lighartige oomblikke, was dit 'n effens somber Studenteraad wat Dinsdagaand 16 Augustus, vergader het. Op hierdie laaste vergadering van die huidige termyn was daar veertien studente wat kan terugkyk op 'n vrugtevolle, en by tye onstuimige jaar.

## Uit die SR en SP

Die belangrikste saak onder bespreking was die jaarverslae van die verskeie portefeuljes, en dit het sonder voorval verloop. Die verskeie mosies wat bespreek is, is oor die algemeen sonder moeite eenparig aanvaar, hoewel mnr. Hendrik Verwoerd op dreef was met die formulering van amendemente.

Onder die mosies wat eenparig aanvaar is, is die goedkeuring van mnr. Ted Scott as Besturende Direkteur van Radio Matie, en 'n mosie waarin die SR sy spyt uitspreek oor die ongelukkige situasie wat ontstaan het rondom die ongelukkige bewoording in die onlangse werkstuk van POLSTU-Stellenbosch rakende verskeie professore op die kampus.

Mnr. Kobus du Toit Bosman se mosie: "Dat die SR 1984 verklaar as USKOR-jaar op die kampus ter viering van die tienjarige bestaan van USKOR asook ter reklamering van die organisasie", is met akklamasie aanvaar.

Soos aan die einde van enige dienstermyn was daar ook baie bedankings om te doen. Twee mosies wat dank betuig aan Deon Rossouw vir sy leiding en aan me. Anys Rossouw vir haar bystand, is met 'n staande ovasie aanvaar. In Deon Rossouw se dankbetuiging het hy veral sy waardering uitgespreek vir die bereidwilligheid van die SR-lede om diens te lewer, en vir die feit dat hulle 'n groep individualiste was onder wie daar nooit sprake van napratery was nie.

Die Studenteparlement het ook onlangs, op 3 Augustus, die laaste vergadering van hul dienstermyn gehad.

By hierdie geleentheid is die aanbevelings van die Grondwet- en Reglementekomitee aanvaar. Hierdie aanbevelings was aangaande die verkiesing van die Studenteraadslede en die funksie van die Studenteparlement, en daar is besluit om die huidige sisteem te behou, hoewel daar ruimte vir verbetering is.

'n Mosie, deur mnr. P. Stais ingedien, wat onder andere 'n uitspraak van steun vir die huidige grondwetlike inisiatiewe bevat, sowel as 'n verwerping van die idee van Kleurling- en Indiërtuislande soos o.a. deur SABRA bepleit, is met 'n meerderheid van stemme aanvaar.

In hierdie mosie spreek die SP ook sy hoop uit "dat die regering sal voortgaan om alle moontlike alternatiewe te ondersoek, ten einde die stedelike swarte sinvol en bevredigend te akkommodeer".

In sy finale bedankingstoespraak, het die voorsitter, mnr. Deon Rossouw, die Studenteparlementslede geluk gewens met die hoë vlak van debattering wat hulle gehandhaaf het sonder om tot 'n persoonlike vlak te daal. Volgens mnr. Rossouw het die Studenteparlement hom gevestig as 'n groot naam, en in die afgelope twee jaar 'n tradisie opgebou in die plek van die bloed-en-koeëls benadering van 'n paar jaar gelede.

**MARISA HONEY**

## SP-STELSEL

# Veranderinge word nou 'n dringende noodsaak



DIS weer tyd vir 'n nuwe SR en SP om hulle poste in te neem. Dié stelsel sal groter betrokkenheid onder studente teweegbring, is in 1981, toe daarmee begin is, gesê. By die noem van 'n kandidaat sal die meeste studente egter nie die vaagste benul hê wie dit is nie. Is dit te wyte aan die groeiende apatie onder studente? Of is dié apatie in die eerste plek die gevolg van die huidige stelsel? Dit is die vraag wat in meegaande artikel gestel word.

## 'n Kyk na die SP in die praktyk

DIE Studenteparlement (SP) kan slegs effektief funksioneer as dit gefundeer is op twee beginsels:

- *sinvolle skakeling van SP-lede met die Studente-Unie (SU).*
- *kritiese en indringende debatvoering.*

'n Onlangse ondersoek van die Grondwet- en Reglemente-komitee, onder voorsitterskap van mnr. Niekie Lamprecht, na die moontlikheid van die verkiesing van die SR deur die SU, in plaas van deur die SP, omskryf die funksie van 'n SP-lid as volg: "Binne sy kiesafdeling het 'n SP-lid 'n behoeftepeilende funksie om sodoende ooreenkomstig hierdie behoeftes op te tree op SP-vergaderings. Hy het voorts 'n plig om ingediende mosies aan sy kiesafdeling voor te lê en die geleentheid vir lede te skep om 'n mening te lug. Ooreenkomstig hierdie behoeftes en menings neem hy as verteenwoordiger van sy kiesafdeling deel aan die beleidmakingsproses op SP-vergaderings. Na afloop van 'n vergadering is dit sy plig om terugvoering aan sy kiesafdeling te gee."

### Probleme

Indien bogenoemde omskrywing in die praktyk van toepassing gemaak word, blyk dit dat SP-lede oor die algemeen jammerlik faal. Dit is nie net onvermoë aan die kant van SP-lede wat dit veroorsaak nie, maar ook grootliks die onpraktiesheid van geografiese kiesafdelings. In 'n koshuiskiesafdeling is behoeftepeiling en terugvoering relatief maklik.

**Is dit prakties moontlik om na elke SP-vergadering 'n privaatwyk byeen te roep . . . ?**

Dit is SP-lede wat privaatwyke verteenwoordig wat die probleem van effektiewe behoeftepeiling en terugvoering ondervind. Is dit prakties moontlik om na elke SP-vergadering 'n privaatwyk byeen te roep om sinvolle terugvoering te gee en behoeftes vas te stel? Dit is myns insiens die enigste manier waarop dit gedoen kan word.

Volgens die Grondwet- en Reglemente-komitee word skakeling tussen SP en SU juis bemoeilik weens 'n totale kennisgebrek onder 'n groot deel van die SU ten opsigte van die SP-SR stelsel.

Uit 'n ondersoek wat *Die Matie* geloods het net na

**MENINGS-AKTUEEL**

RIAAN SMIT, 'n Regstudent in sy eerste jaar, is die skrywer van hierdie artikel.

nominasiedag, blyk dit dat baie studente nie weet wie hul huidige SP-verteenwoordiger is nie, of wie as SP-verteenwoordigers genomineer is vir die 1983/84 termyn nie. 'n HK-lid van 'n dameskoshuis het nie eers geweet wie in haar kiesafdeling genomineer is nie. In 'n ander dameskoshuis het dit geblyk dat daar nog nie 'n kandidaat vir een van die kiesafdelings se twee setels genomineer is nie. "Ons moet nog iemand vra," was die kommentaar.

**. . . baie studente weet nie wie hul huidige SP-verteenwoordiger is nie.**

### Onbestrede

Uit 'n totaal van 30 kiesafdelings is twaalf onbestrede. Hoe kan die SP 'n prestige-instelling bly of word, as daar nie mededinging om setels is nie? Moet aanvaar word dat die onbestrede kiesafdelings hul beste studenteleiers as vertoonwoordigers gaan hê? Probleme rondom die funksionering van die SP kan nie bloot afgemaak word deur die ou geykte argument te gebruik dat studente apaties is nie. 'n Ingeligte student kan nie apaties wees nie.

**Hoe kan die SP 'n prestige-liggaam bly of word, as daar nie mededinging om setels is nie?**

Kritiese en indringende debatvoering word belemmer deur die aard van die SP-SR-stelsel.

### Aansien

Uit die verslag van die Grondwet- en Reglemente-komitee blyk dit die SU is van mening "dat SP-lede geaffekteer word deur 'n groepsbewussen tydens SP-vergaderings" en "dat eiebelang en aansien te belangrik is vir lede van die SP en SR".

Solank as wat die SR uit die SP en deur die SP verkies word gaan daar probleme met debatvoering in die SP bestaan. Indien 'n aspirant SR-kandidaat uit beginsel nie met sekere meerderheidstandpunte saamstem nie kan hy in 'n dilemma verkeer: Moet hy konformeer en daardeur die steun van 'n meerderheid SP-lede behou of werf; of moet hy by sy beginselstandpunt hou en die risiko loop om steun te verbeur?

'n Groot leemte bestaan in die verslag van die Grondwet- en Reglemente-komitee omdat daar nie vóór die onlangse SP en SR verkiesing dringend gesoek is na 'n oplossing vir die probleem van 'n SP-verkose SR nie. Veral omdat die komitee, kragtens mosie 50/82, al in Oktober verlede jaar aangestel is.

**Solank as wat die SR uit die SP en deur die SP verkies word, gaan daar probleme met debatvoering in die SP onstaan.**

### Verslae

Boonop kom die komitee tot gevolgtrekkings wat slegs in 'n geringe mate verband hou met die oorspronklike opdrag kragtens mosie 50/82. Die komitee het nie die wenslikheid om na die ou stelsel (SR verkies deur SU) terug te keer, ondersoek nie. Daar word slegs verwys na vorige verslae.

**Kan dit wees dat die komitee uit oorweging van "eiebelang en aansien" besluit het om nog ten minste vir die 1983/84 termyn die huidige stelsel aan te beveel?**



DIE opkoms by die eerste SR-sirkus van die nuwe bedeling in 1981 was, volgens baie, die skrif aan die muur vir studente-betrokkenheid in dié stelsel.



DIE SR word deur baie gesien as 'n groepie mense wat niks weet van die gewone student se doen en late nie: 'n baie eksklusiewe klub.

**MENINGS-AKTUEEL is 'n rubriek wat oop is vir alle lede van die Studente-Unie. Artikels moet gerig word aan die Aktuele Redakteur, *Die Matie* (tel. 5979).**

## Politiek en Kroniek van G.A. Thoonissen

**DIE gerug doen die rondte, sê Filos Frisou snedig, dat die houding van die studente t.o.v. die Sanctum Retorieum een van apatie is.**

**'n Paartie!, juig Kôna Verder op haar liefdevolle manier. Ek sal sorg vir die slaaie, bied sy hulpvaardig dog beslis aan.**

**'n Briefie word vanaf die deur aan Filos gestuur. Filos is asvaal toe hy die papiertjie weer toevou. Hy kom langsaam orent: 'n Verskriklike skande het ons as SR oorgekom, sê hy skor. Jis Bones is in die gevangenis gewerp — hy is nou prisonier nommer 4711.**

**Die stilte is dik. Gotlieb Antonie Thoonissen gun homself 'n onnutsige stukkie binnepret toe hy dink: Jis maak toe sy naam Gat. En Gotlieb is bly — verras oor die gemak van sy spitsvondigheid.**

**Die altyd-praktiese Fillup Weier bied aan om Jis se ouers in kennis te stel, maar niemand ken die adres nie. Wat van sy koshuismaats? vra Fillup. Toemaar sê Saam Harekam ingelig, hulle weet mos.**

**Ons kan hom gaan besoek, sê Kôna huiwerig en die instemming is oorweldigend. Agvolt Drip wil nog eers Ruwe stormen mogen woeden insit maar toe hy die wysie met die Lied van Jongsuidafrika verwar, knip Filos hom kort. So is hulle toe daar weg, met 'n blikkie Coke, 'n piesang en 'n Helen Steiner Rice-kaartjie vir Jis.**

**Die S.A.P. is toe baie belangrik en amptelik en so en Saam Harekam verloor sy humeur en skree ek het vriende in Hoë Kringe wat jou jou sersanteksamen elke slag sal laat dop. Maar Filos skop hom op die skeen voordat hy name — ter illustrasie — begin noem en Saam onthou sy belofte en sit 'n wag voor sy mond.**

**Nadat Kôna die konstabel 'n kleine aanmoediging in die oor gefluister het, kon die SR hul geliefde makker in sel 17A besoek.**

**Die weersiens was hartstogtelik: Hoewel daar van Kôna, as dame, verwag was om 'n kontra-feministiese traantjie te pink, kon niemand voorsien het dat die kleine Frisco Besmeerden onbeheers op Jis sou afstorm en hom so verwoed sou omhels dat albei op die vloer sou beland nie.**

**Nou toe nou, dink Gotlieb A. Thoonissen, daar gaan sit Jis Bones toe op sy naam. En vir die tweede keer verwonder Gotlieb hom aan die pregnantiteit wat opgesluit lê in Jis se naam. Soos hy dit later aan Kôna verduidelik het: Dit baar 'n pun feitlik op aanvraag. By wyse van spreke, natuurlik.**

**(Die GOMLASTIEKGOGGA het vir lank onder die kaal bome en in die sagte stuif gedwaal voor hy na sy kamer gegaan het. En 'n kers gebrand het om 'n verlang te besweer. Maar dit het niks gehelp nie.)**

**BAREND VOS**

Volkshuisie
STELLENBOSCH
KRAFFIES, KORRELS EN KALBASSIES

Langs die ou Strandweg tussen die Volkskombuis en die Brandewynmuseum vind ons die Volkshuisie. 'n Tipiese "Volksgeboutjie" waarin mens kan snuffel na buitengewone aandenkinkies, geskenkies en dinge wat die huis opvrolik.

Daar is artikels te koop vir die kinders, soos handgemaakte poppe, smulgoedjies soos tuisgemaakte konfyt, daar is droë vrugte en ook pragtige buitengewone ingevoerde en inheemse glas- en koperornamente, rottangwerk en sommer net lekker ander dinge.

Die Volkshuisie staan onder die bestuur van Nina Landman wat presies weet wat 'n besoek die moeite werd en gedenkwaardig sal maak. U kan haar bel by 9512.

Volkshuisie
'n Plek vir kraffies, korrels en kalbassies.

## SKOOLBOIKOTTE

# Wes-Kaap is simpatiek

BELLVILLE — 'n Massavergadering by die Universiteit van Wes-Kaapland is verlede week deur omtrent 1 800 studente bygewoon. Hulle het dié dag ook klasse geboikot ter ondersteuning van die skoliere van Mountview Hoërskool in Hanover Park, wat hulle skool vir die derde week geboikot het. By die vergadering is maniere om die nuwe grondwetlike voorstelle teen te staan, ook bespreek. Mnr. Andrew Boraine, een van die bestuurslede van UDF was een van die sprekers.

Skoliere het oorspronklik hulle klasse geboikot om die Departement van Binnelandse Sake (Kleurlingsake) te dwing om hulle skoolhoof te verplaas. Hulle eis nou ook dat nege skoliere wat vroeër uit Mountview Hoër



MNR. ANDREW BORAINE.

gesit is, weer tot die skool toegelaat word.

'n Skolier van Mountview het by die massavergadering gesê dat daar baie probleme met hulle "gutter education" is. Tog is dit beter as niks en daarom wil hulle skool bywoon. Hulle weier egter om met 'n skoolhoof te werk wat outoritêr is en teen die wil van die skoliere optree. "'n Mens moet kan opsien na jou skoolhoof as 'n vaderfiguur, maar die manier waarop ons hoof optree maak dit vir ons onmoontlik."

Sprekers het verwys na probleme wat swart skoliére ondervind en die gevolglike skoolboikotte in Vryburg en by verskeie skole in Soweto. Daar is ook verwys na probleme by die Universiteit van die Noorde, die swart Mediese Universiteit van Suid-Afrika (Medunsa) en die Mongosuthu Technikon in Umlazi.

'n Lid van die uitvoerende komitee van die Azanian Students' Organisation (Azaso) het gesê die regering het te lank vír hulle besluit watter tipe onderwyssistem die beste vir hulle is. "Die Presidentsraadsvoorstelle gaan niks hieraan verander nie. Wat ons nodig het, is 'n Onderwyshandves waarin ons die beginsels vir nie-rassige demokratiese onderwys uiteensit. Maar demokratiese onderwys sal net in 'n demokratiese Azania moontlik wees."




DIE sprekers by die UWK-massavergadering sit voor 'n banier wat die nuwe grondwetlike voorstelle kritiseer. Die vergadering is in solidariteit met 'n skoolboikot van die Mountview Hoërskool in Hanover Park gehou.

# Solidariteit teen voorstelle gevra

BELLVILLE — "Plaaslike aksies soos dié van die skoliere van Mountview Hoërskool is belangrik in eie reg. Alleen kan hulle egter nie die volle mag van die Apartheidstaat weerstaan nie," het mnr. Andrew Boraine, oud-president van Nusas, by onlangse massavergadering by die Universiteit van Wes-Kaapland gesê. Mnr. Boraine kan weer in die openbaar optree nadat sy inperking aan die einde van Junie opgehef is.

Omdat aksies die mag van die staat nie geïsoleerd kan weerstaan nie, moet hulle aanmekaar geskakel word. Die veldtog teen die Presidentraadsvoorstelle en die "Koornhofwette' (wat onder andere 'n boete van R5 000 vir werknemers wat "onwettige" werkers in diens neem, oplê) bied volgens hom hierdié geleentheid. "hierdie voorstelle wil saam die doelstelling van apartheid bevorder: om te verdeel op grond van etnisiteit en ras."

"Hulle probeer ons eenheid ondermyn deur aan sekere van die onderdruktes te sê dat hulle toekoms by die bevordeelde minderheid lê. Die doel van die grondwetlike knoeiery van die Parlement is om 'n totale aanslag van apartheid op ons mense te loods."

Hy het gesê dat opposisies daarteen nie net by abstrakte slagspreuke moet bly nie, maar dat dit op sake wat die daaglikse lewens van alle Suid-Afrikaners raak, moet konsentreer.

Met verwysing na die United Democratic Front (UDF), wat in Mei in Natal gestig is, het hy gesê dat die "totale aanslag" sal misluk omdat dit teengestaan word deur sulke organisasies wat demokraties en nie-rassig is en wat deur die massas ondersteun word.

## SP

(vervolg van bl.1)

effek hiervan is dat stemreg aan die SU toegeken word, bloot as 'n troosprys en om sodoende apatie teë te werk.

**'n Verkiesing word binne elke koshuis gehou, met die opdrag aan die betrokke SP-lid om ooreenkomstig die uitslag daarvan te stem wanneer die SP die SR verkies.**

Volgens die komitee is hierdie stelsel uit 'n SP-oogpunt onaanvaarbaar omdat dit die SP-lid se funksie reduseer tot die van 'n boodskapdraer.

### Proporsioneel

**Proporsionele stemming. Die SP en SU se stemme dra dieselfde gewig (50—50). Die SP nomineer nog steeds die SR-kandidate.**

Die probleem is teenoor wie die SR primêr verantwoordelik is vir sy optrede.

**Die SU kies die SR, maar die SP besit 'n vetoreg om onbevoegde SR-lede uit te skakel.**

### Integriteit

Die komitee is van mening dat die integriteit van die SP in gedrang kan kom.

**Die SU kies ses SR-lede uit die SU om portefeuljes te vul waarby die SU direk betrokke is.**

### Verantwoordelikheid

**Die SP kies sewe SR-lede uit die SP om portefeuljes te vul wat "groter verantwoordelikheid vereis".**

Die komitee kon geen lewensvatbare alternatief vir die huidige SP-SR-stelsel vind nie. Omdat die komitee nie ten gunste is van die herimplementering van die ou stelsel (SU kies SR direk) nie is aanbeveel dat die huidige stelsel onveranderd behou moet word.

Sien ook Menings-Aktueel oor hierdie onderwerp op bl. 13.

# Tuks stem vir VSR

PRETORIA — Na die verkiesing van 11 en 12 Augustus, is Tukkies se Verteenwoordigende Studenteraad vir 1984 bekend gemaak.

Volgens verwagting is Paul Grobler die nuwe voorsitter. Die Tukkies is verheug oor die aanstelling, afgesien daarvan dat die nuwe VSR na bewering ten gunste van affiliasie by die Afrikaanse Studentebond is.

In sy nuwelingsboodskap het Paul gesê dat hy hom wil beywer daarvoor dat die VSR relevant sal bly in 'n veranderde Suid-Afrika en 'n veranderde universiteit. Hy is 'n finalejaar teologiestudent en 'n gewese hoofredakteur van die universiteit se studentekoerant, *Die Perdeby*.

Die vorige VSR-voorsitter, mnr. Ian Scott, het sy hoop teenoor *Die Matie* uitgespreek dat hul nuwe SR by die ASB sal affilieer, aangesien hy nog altyd ten gunste van so 'n stap was. Op 'n vraag of hy tevrede is met die uitslag, het hy geantwoord, "Come the hour come the man".

## met ander woorde

# Neelsie: die patroon van nedersetting

HET jy al ooit gewonder wat dit is wat die Neelsie vir die meeste mense 'n toevlugsoord maak? Hoekom, of jy straight, square, grys, rooi, nugter of minder nugter is, jy enige tyd Neelsie toe kan gaan en nie hoef te voel soos 'n Landboustudent in die Kunsdepartement nie? Daar is vir almal 'n plek waar jy mense sal aantref wat dink soos jy, of wat, soos jy, nie dink nie.

Tretchikoff Corner is waar mense wat nie kunstenaars óf kunsstudente is nie, en graag sou wou wees, hulle toevlug neem. Langs die peuselhoekie gaan jy as jy ook een van daardie "I'm-weirder-than-you"-mense is; waar Johan wat nie lank terug nie nog vellies-en-kortbroek gedra het, nou uit sy identiteitskrisis probeer vlug met dowwe oë, oorring en Das Kapital onder sy arm vasgeknyp sit en wieg op die maat van Impi. Daar waar dit infradig is om langs 'n meisie te sit en te lyk of jy dalk in haar belang stel, al dwaal julle al die afgelope jaar saam op kampus rond.

Net langs die gat oorkant die paadjie sit die B.A.-student wat darem nog nie só weird is nie in die geselskap van eerstejaar B.-Comm.-studente wat besef het hulle het die verkeerde keuse gemaak, verkies. Wanneer die surfing sindroom 'n bietjie te veel geword het in Tretchikoff Corner, vind jy nou en dan die enkele verstote kunsstudent daar.

Langs die telefone heers daar 'n baie rustiger atmosfeer. Hier, as jy 'n senior ingenieurstudent is, mag jy brug of poker speel, en as jy nie maatjies het nie, is patience ook gaaf. So nou en dan kom jy daar op 'n grys outjie af wat sy sakrekenaartjie soos 'n Liberace aanval en dan af en toe na die formules in sy fisikaboek loer. Wanneer die masjientjie die antwoord gee, helder sy gesig op soos 'n kind wat op 'n sak suigstokkies afgekom het. Dié area is relatief oninteressant. Vir mense, wat as hulle aan Jennifer Beales dink, dink in terme van die persentasie selfmoord en alkoholisme aan haar te wyte.



OF jy weird is of nie, gesond is of ongesond, netjies of slonsig, in die Neelsie sal jy by iemand aansluiting vind.

BERNARD LE ROUX, 'n Regstudent in sy eerste jaar, is die skrywer van hierdie artikel.

Reg langsaan het jy 'n paar masjiene wat lyk soos TV's. Voor hulle staan 'n klomp jong seuns met sweetpaktops wat opgewonde raak saam met hulle maatjies wat oorlog-oorlog speel. Hierdie speelpark-atmosfeer trek gewoonlik jou aandag af van die somber hoek wat daaragter verskuil lê en waar die meeste studente nooit kom nie. Langsaan tref 'n mens 'n groot verskeidenheid mense aan waaraan geen etiket gehang kan word nie, want hulle varieer van Duitssprekendes tot Jode en van Klassieke Kultuur Honneurs tot B.Sc. Landbou.

Uiteindelik tref 'n mens Die Ossewa aan en 'n paar effens verhewe sitplekke. Daar dink ek, is die ideale plek vir die Ruiter . . . wag, laat ek maar stilbly — op Stellenbosch is mense gou op hulle perdjie oor geheimsinnige dinge. Nou-nou ontvang ek 'n brief (met 'n skuilnaam) van een van ons "Kleurlingstudente".

Die Neelsie is die toevlug van almal, vir nou en vir altyd.

# Rhodes out of NUSAS

GRAHAMSTOWN — In a referendum held on 11 August the students of Rhodes University voted for disaffiliation from the National Union of South African Students (NUSAS).

The two main reasons for the dissaffiliation are religious and political. The students feel that the heavy political front of NUSAS is keeping them from individual political participation. They agree, however, that NUSAS has an important role to play on and off campuses in South Africa.

Another reason for the decision is financial concern. The membership fee for 1982 was R2 500 plus extra money paid indirectly to NUSAS for services like transport. The students feel that other student organizations on campus suffer financially because of this.

The vote for dissaffiliation was 1 051 and that to remain affiliated 956. The total voting percentage was 69%.

MATIE TOER '83

BESPREKINGS, BROSJURES EN NAVRAE beskikbaar by

Steven B. Rosendorff, Jonkershoekweg 42, Stellenbosch. Tel. 5257. Na-ure: 4942

OF

Richard H. Daneel
Stellenbosch Reisagentskap (Edms) Bpk
Birdstraat 58 oorkant Die Braak. Tel. 72920

# 'Sing-songs just promises promises'

**ASH COLLEN skryf:**

• Promises, promises. That's all you get!

• "Come to the Sing Songs. Get four stickers and we'll give you a boater, a bib and a SPECIAL low-price Sing Song stand ticket."

Like hell! You go every night, sing yourself hoarse and learn the words back to front. Academically you're in a nose-dive and not likely to pull out of it until after the next round of tests. Nog 'n crash-landing in the mealie fields of academic disaster. But, what the hell, man; it's all for the old Alma Mater. Trouble is they don't keep their side of the bargain. No warnings, just "Sorry, ou pal. No more Sing Song tickets."

• "But I've got four stickers, and you said after seven this morning. It's still morning. Isn't it?" What do they want? You gotta' get up in the middle of the night to give them credibility?

• Anyway, you make your way through ankle deep slush to support your team, get drenched by the rain and don't even get a boater or a bib as a consolidation prize.

• 'Course I'll go next year.

**" . . . don't keep their side of the bargain. No warnings, just 'sorry, ou pal. No more Sing Song tickets' . . ."**

I'm a martyr, man. I like to suffer.

• No, nothing special. Just the regular clowns.

• Some hair gook in our stand took it into his head to tackle any unsuspecting spectator who walked along the side-lines. After several successful sorties against some cats who wouldn't have passed a breathalyser test he was riding the crest. Next thing, three *heavies* in uniform went strolling by. No trouble to Neanderthal Man, he goes stalking after them. At the pinnacle of popularity, based on crowd support, he launched himself at notoriety. The crowd laughed like hell, but the law wasn't amused. "Has you got a licence," and all that jazz.

Ja, of course they arrested him. Those guys aren't picked for their sense of humour, you know.

The crowd? Well, half were cheering him and the other half were booing the *heavies*. Just the usual student impartiality.

Oh, yes, and the fowls.

No, man, fowls. Chickens, man, chickens.

Ja, you know ever since the French sent rugby teams

**"ME, take rugby seriously? You must be joking, I' take only winning seriously . . ."**

out this way we seem to think the main curtain raise consists of releasing a couple of chickens and then watching a bunch of tanked-up local-yokels doing swallow-dives all over the pitch.

Aag, the match was OK, you know.

No, nothing fancy.

Ja, the second teams had a bit of a punch-up but, nou ja.

Of course, we won.

I don't know. Don't you read the papers, man?

Sokkie innie Gat? No ways! That's not a celebration, that's a regular feature. We went to the Pig 'n Whistle. Who wants to be a winner if you can't see the losers?

Me, take rugby seriously? You must be joking, I only take winning seriously.

OK Listen, I gotta duck, the Neelsie's filling up. I can't hear you.

Now, you've got this number, hey? And put the dialling code with it.

Ja, I'll let it bleep three times, then you'll know.

OK say *Hi* to the folks.

Hey?

Ja, OK you, too.

Cheers, ou Boet.




## BRIEWEBUS

**W.L. van Strand.** Geen partypolitieke propaganda word gepubliseer nie.

**W.S. van Wilgenhof.** Brief staan eers oor.

# *Die Piek*
# ongewens

**MARISA HONE skryf:**

In die jongste uitgawe v *Die Pieke* (April-Augus 1983), wat onlangs op di kampus versprei is, versky daar op bladsy vyf 'n gr wat ek beskou as rassi ties en heel ongewens e onnodig in so 'n studen publikasie. Op 'n kamp wat glo die rigtingwyser onder Afrikaanse kampus behoort ons darem volwas genoeg te wees om ons n nog met sulke growwe uit tings te vermaak nie. Ver in 'n staat wat hom daar beroep om Christelike no me na te streef, kan ons n bekostig om op so 'n wys op te tree teenoor ons mede mens nie.



US-AFLOS

# Onweer en beserings fnuik wêreldrekord

deur Anél Coetzee

DIE Maties het die jaarlikse 24-uur aflosmarathon van 5 tot 6 Augustus in die Groenpuntstadion gewen. Weens swak weersomstandighede het hulle misluk om 'n wêreldrekord op te stel. Hulle het nogtans die naaswenner, SA Weermag, met byna twaalf myl geklop.

Altesaam 28 spanne van dertien klubs het in die sewende 24-uur-aflos van die WP-padloersvereniging deelgeneem. Die deelnemers het daarin geslaag om drie rekords te verbeter.

### Wêreldrekord

Twee marathon-atlete van die WP, Bruce Matthews en Graeme Dacomb, het om die beurt in die aflos gehardloop en 'n merkwaardige afstand van 201 myl (8 myl beter as die huidige wêreldrekord in die afdeling) en 23 uur afgelê. Dacomb moes ongelukkig weens dehidrasie ophou hardloop. Sy onttrekking het veroorsaak dat die tweemanmarathon 'n uur vroeër opgehou het.

Die Matiespan is verswak deurdat Pieter Kloppers en Gerhard Joubert, twee van die span se staatmakers, onttrek het weens beserings.

Die span was egter sterk genoeg om 'n goeie aanslag op die WP-rekord van 293 myl 1735 treë te maak. Die Maties het goed begin deurdat die kaptein, Stephen Donald, goeie tye van 4:30 en 4:29 behaal het.

### Reënweer

Hulle was tot Vrydagnag 12-uur nog goed op pad na die wêreldrekord, maar die koue en reën het hulle gedurende die nag só geknou dat hulle dié rekordpoging laat vaar het. Die Maties het uiteindelik 290 myl afgelê.

Die wêreldrekord vir die 24-uur aflosmarathon is 302 myl 581 treë en is in 1982 deur die Universiteit van Port Elizabeth op Groenpunt opgestel.



Foto: Graham van Heerden

STEPHEN DONALD, die Matiekaptein, het tydens die 24-uur-aflos te Groenpunt, goeie tye van 4:30 en 4:29 in die myl gehardloop.

# Netbal is steeds beste vanjaar

DIE Matie-netbalspan is steeds onoorwonne vanjaar ná die Intervarsity teen die Ikeys. Die Maties het met 51—11 gewen.

### Veelsydig

Die eerste helfte van die wedstryd het goed verloop. Gedurende die tweede helfte het die Maties besluit om sekere posisies te verander. Die Matiekaptein, Resé Bosch, wat op die SAU-netbaltoernooi as die beste doelspeelster aangewys is, het haar veelsydigheid bewys deur puik spel as senter te lewer.

### Mouton

Rita Mouton, die Matie-hulpdoelverdediger, het met haar uitstaande verdediging bewys waarom sy vir die SAU-span gekies is. Die aanvallende vleuel, Stephanie Breytenbach, het van posisie verander en hoofdoel gespeel. Sy het ook verbasend goed gevaar in die onbekende posisie.



EMMA DU TOIT van Lydia en Elizabeth Jooste van Irene is hier besig met optrekke by die nuwe trimroete. Stasie vier het oefeninge vir arm- en maagspiere en help om die dames fiks en fiets te hou.

# Fiksheid gee fietsheid

deur Hugo Lambrechts

DIE trimroete wat Maandag tussen Heemstede en Nerina geopen is, voorsien in 'n toenemende behoefte onder damestudente.

Die DSOV het besef dat alle dames nie noodwendig genot uit georganiseerde sport put nie en daarom is die trimroete geskep. Elke damestudent kry nou die geleentheid om die nodige oefening te kry en om met fisiese gesondheid ook 'n gesonde gees op te bou.

'n Onlangse opname onder eerstejaarsdames het aangetoon dat daar onder dié dames 'n gemiddelde gewigstoename van vier kg binne die eerste paar maande is. Die veilige trimroete sal die situasie verbeter. Met eenvoudige oefeninge sal die arm-, been- en maagspiere soepel gehou word en die onnodige vetjies afgeskud word.

Die roete begin by stasie een langs Heemstede waar armoefeninge teen 'n pilaar gedoen word. By stasie twee is daar 'n horisontale leer, waar die trimdame van een sport na 'n ander moet swaai. Die bene kry oefening by stasie drie, waar daar oor obstruksies gespring moet word. Stasie vier verskyn op die foto, waar armoptrekke gedoen moet word. By stasie vyf kry die arms en bene oefening en by stasie ses kan opsitte gedoen word om die maagspiere te oefen.

Duidelike instruksies en gekwalifiseerde LO-studente sal daagliks tussen 16h30 en 17h30 beskikbaar wees om dames te help. Die roete bied aan elke damestudent die geleentheid om daardie ekstra vetjies in hulle eie tyd en teen hulle eie tempo af te skud.

# Matie-pluimbal skiet te kort

deur Johan Smit

DIE Ikeys se pluimbalspan het tydens die Intervarsity wat op Saterdag 6 Augustus in die D.F. Malan-sentrum gehou is weer eens hul krag in interuniversitêre pluimbal bewys deur die Maties met 11—4 te klop.

Die Ikeyspan wat tans die SAU-kampioene is en een WP-speler in hul geledere het, het die minder ervare Matiespan redelik maklik geklop.

A. Jacobs, kaptein van die Maties, het in sy wedstryd teen die Ikey en WP-speler, C. Merrington, goed vertoon. Merrington was nie gewoond aan die baan nie en het gesukkel om op dreef te kom. Jacobs het met goeie val- en dryfhoue daarin geslaag om die eerste vier punte in te palm. Kort afslane van Jacobs het Merrington dadelik op die aanval geplaas. Jacobs het begin swaarkry teen die ervare Merrington se akkurate spel. Jacobs het egter goed teruggeveg met 'n lang reeks houeverwisselings. Merrington se ondervinding het uiteindelik die deurslag gegee en hy het die wedstryd met 11—6 gewen.

### Verrassing


R. Kritzinger en R. Venter het vir 'n verrassing gesorg deur hul wedstryd in die gemengde dubbelspel teen Peile en Engler van die Ikeys met 15—6 te wen. Die Matie-dames het goed gevaar en drie uit die vier dubbelspelwedstryde gewen. Die eerste gekeurde SAU-speelster, L. Gaustella van Ikeys, het H. Thom van die Maties met 11—1 geklop.

### Boland-Ope

Nog pluimbalnuus is dat die Boland Ope-kampioenskappe vanaf 22 tot 25 Augustus vir die eerste keer in die D.F. Malan-sentrum gehou gaan word. Al die topspelers van die WP en Boland sal aan die toernooi deelneem. Die twee Springbokke, Allan en Gussie Phillips, is die gunstelinge om die enkelspel sowel as die dubbelspel te wen.

Hulle sal voortaan die Maties afrig. Daar word gehoop dat dit vir 'n oplewing in US se pluimbal sal sorg. Twee Maties, A. Jacobs en M. Cerff is albei gekies vir die Bolandspan wat vanaf 19 tot 23 September aan die SA-pluimbalkampioenskappe in Pretoria gaan deelneem.

MATIE
TOER '83
NA EUROPA MET 'N WEEK BY BADGASTEIN SKI-OORD




Besoek: LONDEN: AMSTERDAM; PARYS; ZURICH; INNSBRUCK; SALSBURG; BADGASTEIN SKI-OORD; VENESIË; FLORENCE; BOLOGNA; PISA: ROME; ATHENE.

*Besprekings, Brosjures en Navrae beskikbaar by:*
STEVEN B ROSENDORFF TEL 5257
JONKERSHOEKWEG 42
STELLENBOSCH NA-URE 4942
OF
RICHARD H DANEEL
STELLENBOSCH REISAGENTSKAP (EDMS) BPK
BIRDSTRAAT 58
OORKANT DIE BRAAK TEL 72920

## *INTERVARSITY-RUGBY*

# Nat oorwinning is tweede grootste

deur **Hugo Lambrechts**

OP 6 Augustus het die Maties die Ikeys met 17 punte geklop in een van die natste en beste Intervarsities in jare. Die telling was 26—9. Dié oortuigende oorwinning is die tweede grootste wat die Maties sedert die eerste Intervarsity van 1918 oor die Ikeys behaal het.

Die gedissiplineerde rugby van André Markgraaf se span op hul tuisveld was in meer as een opsig 'n unieke oorwinning vir die Maties. Die punteverskil van 17 tussen die 2 spanne is, naas 1977 se rekordoorwinning van 48—9, die grootste sedert 1918.

### W.P.-span

Johan Durr en Bertie de Wet is na Saterdag se goeie vertoning weer in die W.P.-span opgeneem. Die vier teksboekdrieë van Carel du Plessis, Bertie de Wet, Goggie van Heerden en Charl Cronjé was seker van die beste wat nog in 'n wedstryd op die Danie Craven-stadion gesien is.

Die voorspelers het, ten spyte van die modderveld, goeie spel vir die Maties gelewer. Goeie lynstaanwerk deur veral André Markgraaf, ondersteun deur Charlie Cronjé en Neil Hugo, het die nodige balbesit aan die agterlyn gegee. Bennie van der Merwe en Charlie Marais het die nat bal goed beheer in die losspel en die Maties die losskrums ver laat wen.

### Balbesit

Die Ikeys se agttal, veral die voorry Paul Day, Johnny Joubert en Keith Andrews het stewig vertoon in die skrums teen die Maties.

Die min balbesit aan die Ikeys se agterlyn, het uiteindelik tot hulle ondergang gely.

Freddie Ferreira het akkuraat aan Durr uitgegee en 'n netjiese skoppie van Ferreira het uitgeloop op Bertie de Wet se drie.

### Durr

Johan Durr het bewys dat hy 'n meester in die nat weer is. Durr se hanteerwerk, breke en lang skoppe met die swaar nat bal was een te veel vir die Ikeys. 'n Goeie breek van Durr en 'n uitgee na die blitsige Carel du Plessis, het die Maties se eerste drie gelewer.

Die jong Matie senterpaar, Faffa Knoetze en Dean Matthews het 'n goeie eerste wedstryd in Maroentruie gespeel. Hulle het veral goed verdedig, maar teen die einde het die Ikeys, Colin Moore en Malcolm Brown met sterk lopies verby die Maties gekom. Die Ikeys se agterlyn het oor die nodige krag en vaart beskik, maar meer balbesit kon die telling heelwat anders laat lyk het.

Goggie van Heerden het uitgeblink op heelagter. Hy het 'n paar goeie lopies ingekry en goed verdedig. Van sy Ikey-teenstander, Alan Cloete, het hy goeie teenstand gekry. Cloete het 'n seker drie deur Van Heerden met 'n laagvat gestuit.

Die Ikeys het moedig probeer, veral na die agterstand van 0—12 met halftyd. Onder druk van die Maties het hulle telkens foute gemaak. Selfs met die min balle wat die Ikeys gekry het, het hulle deurgaans probeer hardloop. Bewegings van hulle eie doellyn was soms te gewaag en het hulle ten minste een drie gekos.

### Punte

Kort voor die einde het die Ikeys-losskakel en kaptein, Arnott, hulle enigste drie gedruk. Moore het met die doelskop geslaag nadat hy ook vroeër 'n strafskop oorgesit het.

Behalwe die vier drieë van die Maties, het Durr 'n strafdoel en twee doelskoppe aangeteken en Van Heerden een strafdoel.



ANDRÉ MARKGRAAF, kaptein en slot van die Maties, rank hoog in 'n lynstaan terwyl Johan Stander, loskopstut, hom ondersteun. Allen D'Agnel, flank van die Ikeys, probeer ook by die bal uitkom.



FREDDIE FERREIRA, skrumskakel van die Maties, soek ondersteuning met Paul Day, loskopstut van Ikeys, agter hom.

## SQUASH

# *Maties squashed by Ikey power*

by **David van der Westhuyzen**

THE Stellenbosch squash team was beaten by the University of Cape Town team on Friday 5 August.

The Ikeys, who have three teams playing in the first league, powered their way to victory. The first team beat that of the U.S. by 12—3. Only Carl Fisher, the number one player for the men's first team, played well for Stellenbosch. Dave Welsh of U.C.T. struggled to obtain a narrow win over Fisher. He recently ended second in the S.A.U. tournament held in Bloemfontein during the June holidays.

Fisher won the first two games surprisingly easily as Welsh took a while to get used to the court. During the third game Fisher lost concentration and began making many mistakes. Welsh won the game by 9—7.

### Convincing

He eventually won by three games to two but was forced to play long and hard rallies. Nigel Hough, the number two player, had a convincing win over Matie Dave Bester. Bester only managed to win the second game, and lost by 3—1.

Charl Rörich and Craig Clenver from U.S. both lost by 3—1 to Karen Suttle and Nigel Musgrave from U.C.T.

The Maties second team fared even worse. Cameron Dougmore easily beat Fred Plaff of U.S. by 3—1.

### Lost

The ladies' results were better. Janice Brink, the number three player for Stellenbosch, beat her opponent from U.C.T. by 3—1. Unfortunately Wendy Bendman, the Maties' number one player, who has been playing above average lately, lost to Audrey Tims of Ikeys by 0—3. Fleur Hanekom and Kim Euston-Brown also lost their games. In the second ladies' team Zahn Bönkle and Paula de Villiers won convincingly. Both Bönkle and De Villiers have been playing very good squash lately and their victories against the strong Ikey players were well earned.

## *SOCCER*

# US team unlucky to draw match

IN a hard-fought intervarsity soccer match at Coetzenburg on Saturday 6 August, Stellenbosch and UCT drew 1—1 in a WPFA Johnsons First Division match.

The two goalkeepers, Alex Klopmann of US and Gary Cohen of UCT, distinguished themselves with excellent saves between the posts.

Knowles of UCT had the first chance to score a goal but (because of the pressure he received from the US sweepers) he only managed to hit the upright post. There was no score at half-time.

In the second half of the match it was Stellenbosch's turn to pressurize UCT, but they found Gary Cohen in good form. After fifteen minutes' play Roxley Ravakuku had a good chance to open the scoring for UCT but his shot was brilliantly saved by Von Klopmann. Stellenbosch scored first when Chris Hentzen drove the ball home after some loose play. Fifteen minutes later, with UCT on the attack, Ian Horrell of US tried to head the ball over his own bar but failed to do so. In an attempt to clear the ball, Norman Paskin pushed it into his own net. The full-time score was 1—1.



NORMAN PASKIN, one of the stars of the US team is seen here doing some fine dribbling which led to Chris Hentzen's goal.

## *HOKKIE*

# Nederlaag vir eerstes

deur **Gerhard van Eeden**

OP Woensdag 10 Augustus het die Stellenbosse eerste hokkiespan 'n onverwagte nederlaag teen die Universiteit van Kaapstad gely deur met 5—0 te verloor.

Die U.S.-span was swak gemotiveer en het van die begin af na 'n verloorspan gelyk. Die Ikeys het begeesterde spel gelewer en na slegs vyftien minute drie doele aangeteken. In die vorige wedstryd teen die W.P. is John Black, kaptein en afrigter van die Maties, beseer en die spelers moes dus in posisies waaraan hulle nie gewoond was nie, speel.

### Teleurgesteld

Die kaptein was teleurgesteld oor sy span se vertoning, aangesien hulle die vorige Saterdag goed teen die W.P. gespeel het. Die Ikeys se doele is as gevolg van swak verdediging aan Matie-kant behaal. Die Maties het hulle opponente te veel beweegruimte gegee. Die halftydtelling was 4—0 in die guns van die Ikeys.

### Aanval

In die tweede helfte het die Maties baie meer gedissiplineerd gespeel en die Ikeys kon net een doel aanteken. Twintig minute voor die eindfluitjie was die Maties sterk op die aanval, maar dit was tevergeefs. U.S. het ook baie meer korthoeke as U.K. gehad, maar het hulle kanse verspeel. Daar was geen uitstaande spelers onder die Maties nie, alhoewel Leonard Jubber en Dave Granger goeie dekverdediging gelewer het.



# OP DIE KANTLYN

deur Hugo Lambrechts

DIE krag van Matie-rugby onder die bekwame leiding van dr. Danie Craven maak Stellenbosch vanjaar weer die mekka van SA-rugby.

Die Maties vorm tydens die feesjaar van die WP weer eens die ruggraat van die Streeptruie. Die helfte van die WP-span is tans Maties. Die ouer garde soos Hennie Bekker, Divan Serfontein en Hempies du Toit word aangevul deur ses jonger Maties. Dié ses is André Markgraaf, Johan Durr, P.J. Smith, Michael du Plessis, Carel du Plessis en Bertie de Wet. Die Curriebekerkampioene se oorwinnings die seisoen rus dus swaar op die Matiespelers.

Die krag van Matie-rugby is ook in die onlangse Intervarsity bewys. Naas die rekordoorwinning van 48—9 in 1978, is vanjaar se punteverskil van 17 tussen die Maties en die Ikeys die grootste in die geskiedenis van Intervarsity.

DIE Matie-skermklub was die afgelope jaar redelik stil en onaktief. Volgens mnr. Jannie van der Merwe, sekretaris van die skermklub,



het die klub verlede jaar entoesiasties begin deur o.a. 'n skermmarathon te hou. Die klubbestuur het egter nie soveel bereik as wat hulle aanvanklik beplan het nie.

Die ledetal van die klub het boonop die afgelope jaar heelwat afgeneem. Die klub het ook die jaar aan die SAU-toernooi of enige ander provinsiale toernooi deelgeneem nie. Nog 'n terugslag het die klub getref toe die nuwe uitrustings nie opgedaag het nie.

Die bestaande 28 lede oefen elke Dinsdag- en Donderdagaand vanaf 17h00 in die L.O.-sentrum by Coetzenburg. Die lede word deur bekwame instrukteurs touwys gemaak.

Die nuwe klubbestuur van die skermklub is dié week tydens die algemene jaarvergadering gekies. Dié nuwe bestuur sal dié jaar hard moet werk om die huidige probleme uit te skakel en om nuwe lede te werf. Die Sportredaksie hoop saam met die klublede dat die komende seisoen vele hoogtepunte sal oplewer en dat 'n sterk Matiespan aan die S.A.U.-toernooi sal gaan deelneem.

## KOSHUISRUGBY

# Eendrag steeds krag in stryd om Sauer

deur **Jan-Hendrik Pretorius**

EENDRAG het op Vrydag 12 Augustus vir Wilgenhof met 18—12 geklop. Eendrag het hulself in hierdie moeilike wedstryd as een van die beste koshuis-rugbyspanne bewys.

In die eerste paar minute van die wedstryd het Eendrag se agterlyn mooi beweeg en gevaarlike aanvalle op die Wilgenhof-doellyn geloods. Wilgenhof se rotsvaste verdediging het egter verhoed dat Eendrag punte aanteken.

In die tweede deel van die eerste helfte het die sake ietwat verander. Wilgenhof het toe vir Eendrag in hulle eie helfte vasgepen. Eendrag is in die twintigste minuut gestraf vir 'n obstruksie in die lynstaan. Prins (heelagter) het oorgeskop en Wilgenhof het met 2—0 voorgeloop.

### Balbeheer

Dit was van die begin af duidelik dat Wilgenhof swaar sou kry in die skrums. Die Eendrag-agttal het Wilgenhof telkens van die bal gedruk, terwyl hulle met hul eie ingooie die bal mooi beheer het. Die krag van Eendrag se voorry het veroorsaak dat die Wilgenhof-agterlyn steeds swak balle gekry het.

Eendrag het die kanse wat hulle gekry het, goed benut. Nadat hulle 'n losbal net buite die Wilgenhof-kwartgebied gekry het, het Ian Mouton (senter) 'n skitterende drie naby die hoekvlag gedruk. Barnie de Klerk se doelskop was egter mis, en die rustydtelling was 4—2.

### Losspel

Wilgenhof se taktiek om die Eendrag-bewegings so gou moontlik te stop, was suksesvol. Met die rustydtelling was dit duidelik dat die twee spanne goed teen mekaar opgeweeg het. Wat die losspel betref, was die Eendrag-lostrio egter heelwat beter daaraan toe.

Net na die rustyd het die Wilgenhof-senter, Neels Barnard, die veld verlaat na 'n besering in 'n losskrum. In die derde minuut het Joey Potgieter (linkervleuel) Eendrag se voorsprong met 'n drie vergroot nadat hy sterk gehardloop het en sy teen-



standers afgeskud het. De Klerk se doelskop was weer mis, en die telling was 8—2.

In die agtste minuut het Wilgenhof teruggeslaan toe 'n praglopie van die linkervleuel Nico Olivier op 'n drie in die hoek uitloop. Prins (heelagter) het die telling met 'n mooi doelskop uit die hoek gelyk gemaak (8—8).

In die sestiende minuut, na 'n vyf meter van die Wilgenhof-doellyn, het die Eendrag-skrumskakel, Schalk van der Merwe, steelkant om gebreek en oorgebars vir 'n pragdrie, tien treë van die hoekvlag af. De Klerk se doelskop het misluk, en die telling was 12—8.

### Geesdrif

Wilgenhof het met groot geesdrif gespeel, maar hulle voorspelers het nie in 'n eenheid saamgedryf soos die agttal van Eendrag nie. In die 24ste minuut het Wilgenhof onverwags 'n vasskop gehaak.

In die 25ste minuut het Alec Venter 'n drie gedruk, na 'n skitterende hand-tot-hand-dryfbeweging deur die Eendrag-voorspelers. Barnie de Klerk (losskakel) het hierdie keer oorgeskop en die telling opgeskuif na 18—8.

Die Wilgenhof-vleuel het 'n losbal agter die Eendrag-doellyn toegeval, nadat Wilgenhof se agterlyn mooi beweeg het en Nortje (losskakel) die bal ver vorentoe geskop het. Prins se doelskop was mis en die eindtelling was 18—12.

Wilgenhof het 'n baie goeie wedstryd gespeel, maar Eendrag het weer bewys dat hy een van die beste koshuisrugbyspanne het. Die kans is goed dat Eendrag weer die Sauerliga kan wen.

### Ander uitslae

| | |
|---|---|
| Elsenburg 4 | Helshoogte 2 |
| Medies 24 | Huis Visser 2 |
| Simonsberg 12 | Mabré 6 |
| Huis Marais 10 | Dagbreek 4 |
| Helderberg 12 | Libertas 4 |




FRIKKIE STEYNBERG, slot van Wilgenhof rank hoog in die lynstaan, terwyl Riaan Oberholzer (8) hom ondersteun. Eendrag het die wedstryd met 18—12 gewen.

## SQUASH

# Experience showed in exhibition game

by **Gerhard van Eeden**

ON Thursday 11 August, the Old Mutual squash court hosted a fine exhibition match played between old Springbok and WP player, Steve Sherren, and the UCT No. 1, Brink, who also plays for Western Province and is currently ranked fourteenth in SA. Sherren eventually beat Brink by 3—0.



THE old Springbok player, Steve Sherren (back) played an exhibition match against Brink (front) on 11 August.

The first game started with a display of long, fast rallies. Sherren gained an early 6—1 lead. Brink fought back to 3—6, but eventually lost 9—3 to the more experienced and patient Steve Sherren. Sherren once again managed an early and decisive lead after only one minute's rest. Brink made some fine drop-shots but could not counter Sherren's cross-court volley. Sherren won the second game 9—4.

### Tired

The players seemed tired before the third game. Sherren once again pressurized Brink to win the third game 9—7, thus winning the match 3—0.

Brink was rather impatient and did not play as well as could be expected, perhaps because it was only an exhibition match. Sherren made use of this, keeping the ball in play as long as possible.

### Tips

After the game Sherren gave a few tips from which we could all learn. Awareness, he explained, was achieved by carefully watching the ball while concentration was important to achieve a consistent length and a set pattern of playing.

One can work out a premeditated service strategy by checking the position of one's opponent. Remember that the service is not only to start the game, but to gain an advantage by pressurizing one's opponent from the start.



## SPORTPROFIEL

deur **Elmarie Engelbrecht**

VRA jy onverwags vir iemand op die kampus wie Chris Pretorius is, skud hy sy kop, of hy vra dadelik, "Wie is dit?"

Chris Pretorius is 'n Matie- en W.P.-vlugbalspeler, maar omdat vlugbal 'n redelike onbekende sportsoort is, weet min mense van hom.

As jy gedink het dat vlugbal 'n onbekende sportsoort is, sal dit jou nog meer verbaas om te hoor dat Chris op skool net ringtennis gespeel het. Reeds op skool het hy vir Transvaal ringtennis gespeel. Sy ringtennisloopbaan het egter tot 'n einde gekom toe hy in 1980 sy militêre diensplig in Youngsfield moes kom doen, want ringtennis is nie 'n erkende sportsoort in die Kaap nie.

In die Weermag is vlugbal (beter bekend as Volleyball) 'n algemene tydverdryf. En dit was net daar wat Chris in dié sportsoort begin belangstel het, veral omdat dit so "vol aksie is". Hy het ernstig begin vlugbal speel en in dieselfde jaar is hy in die Weermag se eerste span opgeneem.



CHRIS PRETORIUS

Nadat Chris sy militêre diensplig voltooi het, het hy Stellenbosch toe gekom. In 1982 word hy vir die W.P.-vlugbalspan gekies en in Mei hierdie jaar, is hy in die W.P.-span opgeneem. Hierdie ongelooflike prestasie is 'n duidelike bewys dat die Maties hier 'n vlugbalspeler van formaat het.

Buiten die feit dat Chris geweldig baie tyd aan sy vlugbal bestee, dien hy ook op Oude Molen se Junior Bestuur, die W.P. se finansiële komitee en die Maties se vlugbalkomitee. Met so baie hooi op sy vurk, is dit dan ook te verstane hoekom hy 'n bietjie probleme met sy studies het. Chris loop tans B.Rek., maar hy oorweeg dit sterk om volgende jaar B.Comm. te loop. Hy wil uiteindelik 'n geoktrooieerde rekenmeester word.

"Ek is mal oor musiek, eintlik kan ek dood gaan oor musiek, veral Pink Floyd,"

Onbekend of nie, is Chris Pretorius in elk geval een van die Maties se topsportmanne.

## ATLETIEK

# Langasems sweet in appelmarathon

deur **Hugo Lambrechts**

DIE Matie-Atletiekklub bied Saterdag 10 September die jaarlikse Appletiser-marathon aan. Dit is ideaal vir die langasems.

Die Appletiser-marathon, wat ook as die W.P.-marathonkampioenskap dien, strek oor 42,195 km en begin om 06h30 te Coetzenburg-stadion. Die roete loop vanaf Coetzenburg verby Doornbosch op die Bellvillepad verby Kayamandi tot 'n paar kilometer van die N1-afdraaipad. Deelnemers volg dieselfde roete terug tot by Coetzenburg. Die amptelike tydsbeperking vir die wedloop is vier uur.


Die borgtjek van R25 000 wat deur Appletiser geskenk is, word vir die verskillende pryse gebruik. Die amptelike prysuitdeling sal 10h45 by Coetzenburg-stadion gehou word.

Die manswenner sal R500 ontvang, die dameswenner R500 en enige deelnemer wat 'n SA-rekord opstel sal met R500 beloon word.

Die eerste manspan (vier lede) sal R600 kry, terwyl die damespan (drie lede) R450 sal ontvang.

Die vereistes vir die wedloop is dat die deelnemers amateurs moet wees wat minstens agtien jaar oud is. Deelnemers moet ook 'n lid van die klub wees wat by die Suid-Afrikaanse Atletiekunie geaffilieer is, of moet 'n bewys van bevredigende klaringsertifikate lewer.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 26 Augustus en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Persone wat enige navrae het, kan die sportkantoor by tel. 77683/4 kontak.



TWEE lede van die skermklub besig om te oefen in die L.O.-gebou by Coetzenburg. Die nuwe klubbestuur word vanaand tydens die algemene jaarvergadering van die skermklub gekies.

GRIET

VIR DIE HERVERKOOP VAN U AKADEMIESE BOEKE

MOENIE WAG NIE, HANDEL NOU.

gebruikte

akademiese

boeke

**H/V ANDRINGA-EN VICTORIASTRAAT.**

**TEL. 72830/70712**





# Volkskas het 'n mooiloopdiens vir elkeen van jou raap-en-skraap-broekskeurdae.

Jongdae. Moeilike dae. Maar goeie dae. Veral as jou Volkskas-bestuurder jou ken. Hy't altyd een of ander diens om aan te bied. Soos 'n spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die dis-dalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-u-dringende-aandag-aan-hierdie-rekening-dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-jaar-lank-uit-dae. Begrip en finansiering vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al jou jongdae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.

de Villiers en Kie. 78814